

twis: onenigheid, rusie, tweedrag; Ndl. *twist* (Mnl. *twist/twest*), Hd. *zwist*, Eng. *twist*, “koord m. twee of meer drade” en ww. “draai” wsk. uit SNdl. met Vl. wewers — *twis* hou, soos *tussen* en *tweeling*, verb. m. *twee*.

twyfel: s.nw. en ww., besluiteloosheid, onsekerheid; (as ww.) besluiteloos/onseker wees; Ndl. *twijfel* en *twijfelen* (Mnl. *twīvel/twīfel*; *twīvelen/twīfelen*), Hd. *zweifel* en *zweifeln*; eerste lid hou verb. m. *twee* en tweede wsk. m. tweede lid v. Lat. (*du*)*plus*, Gr. (*di*)*plous*, “tweevoudig”; *twyfel* dus eint. “tweevoud” of “op twee gedagtes hink”.

tyd: verlede, hede en toekoms; Ndl. *tijd* (Mnl. *tijt*), Hd. *zeit*, Eng. *tide*, v. dies. herk. maar anders v. vorm Eng. *time*; herk. hoërop onseker.

+ **tyfer** v. **teifer**.

tyg v. **aantyg**, **tog** I.

tyk: bep. tekstielstof; Ndl. *tijk* (Mnl. *tike/teke*), NHoll. *teek/tiek*, Hd. *zieche*, Eng. *tick(ing)*, uit Lat. *thēca*, Gr. *thêkê*, “omhulsel”.

U

u: beleefde aansprv. v. d. pers. vnw., ekv. en mv., as ondwv. en as voorwv., ook as bes. vnw.; Ndl. *u* (as ondwv. sedert eerste helfte v. d. 17e eeu in d. Holl. AB), as bes. vnw. *uw*; ontst. uit *Uedele*, afk. *U Ed.*, uit *Uwe Edelheid*, skryfwyse *uwe* (eers m. klem *uwé*, later *úwe*), hou verb. m. Os. *eu(g)iu*, Ohd. *iu*, Oeng. *eow*, v. dVri J NEW en Scho TO 64–8 en 74–81.

ui: dim. *ui(e)tjie*, pln. (*Allium cepa*, fam. *Liliaceae*); Ndl. *ui* (Mnl. *uyen/uyens*, wsk. as mv. opgevat en daaruit nuwe ekv. geabstr., vgl. Ndl. *schoen*, v. Afr. **skoen**), ondanks besware wel doeb. v. *ajuin* (Mnl. o.a. ook *onioen*), òf vroeg uit 'n Rom. taal òf later meer bep. uit Fr. *oignon*, hou verb. m. Eng. *onion* en Lat. *unio* (gen. *unionis*), v. ook **uintjie** en vgl. dVri J NEW.

uier I: s.nw., melksak v. bep. soogdiere; Ndl. *uier* (Mnl. *uder*, m. wv.), Hd. *euter*, Eng. *udder*, hou verb. m. Lat. *uber*, “tepel; uier”, Gr. *outhar*, “bors; uier”.

uier II: ww., uier kry; dragtig wees (v. diere), afl. v. **uier** I; blb. nie i. AB as ww. nie, wel dial. Ndl. (bv. Gron.) *uren*, m. ongedift. *ū*.

uil: bep. nagroofvoël (*spp. Strix*, fam. *Strigidae*); Ndl. *uil* (Mnl. *ūle*, naas *uuf*, “bep. soort uil”), Hd. *eule*, Eng. *owl*, hou verb. m. Lat. *ulula* en *ulucus*, almal kn.

uilkos: pln. (*spp. Stapelia*, fam. *Asclepiadaceae*), reeks volksn. by Mar 125, maar dié kan betrekking hê op ander “soorte” as *uilkos*; vgl. Watt-BB 1443 en Wh-Bo-SI oor *Stapelieae*; v. ook *kabietjie*.

uilskuiken: onervare jongmens, snuiter (vgl. *s(e)lonskuiken*); Ndl. *uilskuiken*, “domkop, domoor”.

uilspieël: iemand wat dom maar grappige dinge doen; karnallie, platjie; Ndl. *uile(n)spiegel* uit Hd. *eulenspiegel* (wu. Fr. *espiègle*) wat verb. hou met ww. *ülen*, “vee”, en *spiegel* in bet. “endelderm”; gew. geassos. m. d. naam v. d. grapmaker Tjil Uilenspiegel/Till Eulenspiegel; vgl. Scho TWK 14, 1, p. 35, en Pet A 520.

uiltjie I: dim. v. *uil* (q.v.), veral in ged. veroud. verbg.: ’n *uiltjie knip*, “dut”; Ndl. *een uiltje knappen/vangen* (dial. Ndl. en wel Gron. *een vlinder knippen*, “stokkies draai by skool” — in Ndl. is *uil* o.a. ook “soort nagvlinder”), hou sem. verb. m. nagtelike aktiwiteite van *uil/vlinder*.

uiltjie II: pln. (*Moraea pavonia*, fam. *Iridaceae*), ook toeg. op *Ferraria undulata*, fam. *Iridaceae*) en ook bek. as *poublom*, ander lede v. dié fam. heet *uintjie* (Mar 65, 140–2), ben. n.a.v. ooreenkoms van blompatroon met uilgesig en kleurskakering (bv. *poublom*).

uintjie: wilde, eetbare bol-/knolvrug (veral *spp. Moraea*, fam. *Iridaceae*, ander by Mar 84 en 140–2); naas *ajuin* (q.v.) het daar in 17e-eeuse Ndl. ook ’n vorm *uien* bestaan en in 17e/18e-eeuse geskrifte in S.A. o.a. *uygentches*, *ajuntjes*, *uyntjens*, wu. Afr. *uintjie*, v. Scho PD 15, Pet A 524–5 en Kloe HGA 317.

uintjiekweek: pln. (*Cyperus rotundus*, fam. *Cyperaceae*), ben. wsk. n.a.v. knoppies (soos uintjies) aan wortels, v. Mar 84 en 136.

+ **uintjiesjakkals:** nie nader geïd. soort jakkals, gedok. by Spa (Scho PD 51) wat so genoem is n.a.v. feit dat dié soort uintjies opgraaf en vreet, vlg. verkl. v. Spa, maar ben. en soort tans onbek.

uintjies tyd: met d. oog op voedingswaarde blb. belangrike seisoen v. Hottentotte wanneer uintjies na reën eetbaar word, vgl. Pet A 525.

uintjiesyster: ligte koevoet of ander stuk yster om uintjies mee uit te grawe, gedok. by Wik *wyntjesyzer/uyntjesyzer/euntjesyzer* (weergawe v. oorspr. onduidelik), v. Frank TB 157, 167 No. 34.

uit I: voors. en bw. wat herkoms, rigting, strewe, ens., aandui; Ndl. *uit* (Mnl. *uut/ūte*), Hd. *aus*, Eng. *out*, hou verb. m. *buite(n)* en m. Lat. *usque*, “vanaf; tot sover as”.

uit II: ww., laat hoor, uitspreek, te kenne gee; Ndl. *uiten* (Mnl. *ūten*, "uitdoof; uitvoer; uitwys"), hoofds. Germ., vgl. ook **uiter I**.

uitbrand: iemand d. les lees; in Ndl. nog i. dié toep. bek. tot vroeg 18e eeu; aanh. v. gebr. i. S.A. geskifte uit 1830 en 1861 by Scho TWK 14, 1. p. 35; hierby s.nw. *uitbrander*, "berisping", nog in Ndl.

uitbundig: besonder baie; lawaaierig; oordrewe; Nnl. (19e eeu) *uitbundig* uit Hd. *ausbündig*, "voortreflik" (v. 'n pak ware wat gebind is).

uitdruklik: beslis, stellig; Ndl. (19e eeu) *uitdrukkelijk* uit Hd. *ausdrücklich*.

uidentreure: bw. (boekw. en ged. veroud), sonder ophou, tot vervelens toe; Ndl. *uidentreuren* (ouer *sonder treuren*, 17e-eeus *uit den treuren* — Ndl. *treuren* (Mnl. *troren/truren*), Hd. *trauern*, hou verb. m. Eng. *dreary*, ander mntl. verw. onseker.

uiter I: ww., laat hoor, uitspreek, te kenne gee; Ndl. *uiteren* (Mnl. *uteren*, wu. wsk. Eng. *utter*, ook dial. Ndl. *uiteren*), misk. as frekw. v. Ndl. *uiten* (Mnl. *uten*) op te vat, v. **uit II**, vgl. Hd. *äussern*.

+ **uiter II:** buite; Mnl. *uter* as voors., blb. ontst. uit komp. v. **uit I**, vgl. Eng. *outer* en *utter*, Hd. *ausser*, leef o.a. wsk. nog in *uiterlik*; vgl. *uifers* en *uiterste*.

uitermate: baie, buitengewoon; Ndl. *uitermate* (Mnl. *ūtermāten*) uit *uit* + *der* + *maat/mate(n)*, vgl. Mhd. *ūz der māze*, "buite d. maat".

uifers: bw., baie, besonder, in d. hoogste mate, misk. te beskou as byw. vorm m. adv. -s uit veroud. **uiter II** of as redukv. v. Ndl. *uiterst*, eint. sup. naas komp. **uiter II**.

uiterste: verste grens (goed of sleg), end; subst. vorm v. Ndl. *uiterst* m. suf. -e, nie -te nie.

uitgemergel: uitgeput, vermaer, verswak; eint. verl. dw. v. Ndl. *uitmergelen* (by Kil *wt-merghelen*) uit Hd. *ausmergeln*, "'n stuk ploegland m. 'n mengsel v. vetterige grond en kalk bemes" (as daarmee aangehou word, raak d. grond uitgemergeld, d.w.s. uitgeput), hou verb. m. Ndl. *mergel*, Eng. *marl*, uit Ll. *marginilla*, dim. v. Lat. *marga*, vlgs. Wald v. Gall. herk. en geen verb. m. Ndl. *merg/murg* nie; by vRieb *uytgemargelt*.

uiterig: bewerk, gedaan gekry, ten uitvoer gebring; eint. verl. dw. v. Ndl. *uitrichten* uit *uit* + *richten/rechten* (Mnl. *richten/rechten*),

Hd. *richten*, Eng. (ww.) *right*, hou verb. m. Lat. *rectus*, “be= hoorlik; reguit; wettig; deugsaam”, Gr. *orektos*, “reg”; by vRieb *uytgerecht*.

uitgevreet: dik, fris, sterk, vet; blb. nie in Ndl. nie, maar Scho TWK 14, 4, p. 195 gee S.A. vb. uit 1889 en wys op Ned. *utgefrête*.

uithaler: s.nw., b.nw. en bw., iemand wat op d. een of ander gebied uitmunt; uitmuntend; Scho TWK 14, 1, p. 35 gee Afr. vb. uit 1831, 1848 en 1862 en verwys na Malh DF AS 337 wat weer verwys na Harre S II 352, maar nòg by Harre nòg hedendaagse Ndl. *uithaalter/uithaler* heeltemal gelyk aan Afr. gebr.

uitheems: buitelands, uitlands, vreemd; Ndl. *uitheems(ch)*, Mnl. *uutheemsc*, by Kil *wt-heymisch*, Mned. *uthēmisch*, “afwesig; uit= heems”, oor Ndl. *heems(ch)* v. **heemraad**.

uitkalf: — *uitkalwe(r)* —, wegspoel (v. rivier- of spruitwal); hou verb. m. Ndl. *kalven/kalveren* in bet. “afbrokkel”, by vRieb s.nw. *uytcalbinge*.

uitlander: buitelander, vreemdeling, nie-ingeburgerde v. ’n land; Ndl. (veroud.) *uitlander*; d. Afr. gebr. wsk. verst. d. S.A. Eng. gebr. v. *uitlander*, soms *outlander*, v. Pet A 520–1.

uitmaal: gate uitspoel i. d. klipplate i. rivierbeddings; by Wik *uyt= maald*; Ndl. *malen* (i.v.m. ’n draaiende stroom water) veroud., maar nog i. dial. Ndl. (Scho TWK/NR 7, 2, p. 31).

uitmergel v. **uitgemergel**.

uitmunt: oortref, uitblink; Nnl. (sedert 17e eeu) *uitmunten* uit *uit + munten*, “uitsteek”, hoewel onseker, misk. verb. m. Fr. *monter*, “opstyg”.

uitoorlê: op slinkse wyse d. oorhand kry oor; nie in Ndl. bek. nie, hou wel verb. m. Ndl. *overleg*, “beraadslaging”, *overleggen*, “beraadslaag”, in pej. toep.

uitrig v. **uitgerig**.

uitsmeer: ’n voorwerp v. binne m. iets bestryk (bv. broodpan m. vet), (veral vroeër) ’n vloer m. mis (soms m. bymengsels) smeer, v. Pet A 451 en 521.

uitspanplek: gew. aangeduide plek om osse uit te span en hulle te laat rus, suip en vreet; (fig.) ontspanningsoord; Scho TWK/NR 7, 2, p. 31 noem *uytspanplaats* uit 1776 en *uitspanplek* uit Trig; hierdie sk. blb. nie in Ndl. bek. nie, terwyl Ndl. *uitspanning* net ged. aan *uitspanplek* beantw.

uitstaande: 1. wat lett. uitstaan/uitsteek (bv. pale bo watervlak); 2. oningevorder (bv. skulde); 3. in bet. "uitmuntend, voortreflik" is dit 'n Angme. (Eng. *outstanding*).

uitvang: verwyder (bv. skape uit 'n trop), so gedok. by Trig (Scho TWK/NR 7, 2, p. 31); *uitgevangen* blb. nie in Ndl. nie; in bet. "betrap" wsk. 'n Angme. (Eng. *catch out*).

uitvoerig: in besonderhede, volledig; Nnl. (sedert 19e eeu) *uitvoerig* uit Hd. *ausführlich* (afl. v. ww. *ausführen*, "tot d. end voer").

uitwaai: m. iemand/jets te doen/maak hê (gew. na ontk. *nie/niks*), reeds by Cha en Mans KHI; Malh DF AS 338 se verkl. uit Ndl. *laten uitwaaien*, "buite (i. d. wind) loop", bevredig minder as dial. Ndl. *uitwaaien*, "wydlopig gesels", naas Ndl. *uitweiden* (vgl. Afr. *haai(vlakte)* en Ndl. *heide*); v. **uitwei**.

uitwei: — *uitweie* — , breedvoerig/wydlopig gesels/praat; Ndl. *uitweiden*, (vroeeër) "buite d. weiveld graas" (v. diere gesê); (later) "uitvoerig/omslagtig/wydlopig gesels/praat", geen verb. m. *wy* nie; v. **uitwaai**, **wei** III.

uitwiks: goed/terdeë afransel, mntl. na vb. v. Hd. *auswischen*, "(uit)poets; afransel", maar v. ook **wiks** en vgl. *uit* by **uitoorlé** in pej. toep.; vgl. egter Kloe HGA 25, 27.

uitwis v. wis I.

ukulele: snaarmusiekinstrument; Ndl. *ukulele/oekelele*, Eng. *ukulele/ukelele*, uit Haw. *ukulele* (*uku*, "klein mensie/vlooi", + *lele*, "springende", wsk. n.a.v. bynaam v. Edward Purvis, 19e-eeuse Brit. leëroffisier, wat klein en vinnig v. beweging was en hierdie soort Port. kitaar gewild gemaak het, v. Web), dus eint. "spring-vlooitjie".

+ **ullie:** ou vorm v. Ndl. *ulieden/ului* (vgl. Scho TO 59); by vRieb nog *ulleder/ulieder*.

ulster: tekstielstof; tipe baadjie daarvan gemaak; Ndl. en Eng. *ulster*; ben. n.a.v. naam v. d. Ierse provinsie Ulster van waar stof en drag afkomstig was.

ultimatum: laaste eis by diplomatieke onderhandelings, verwerping waarvan as oorlogsverklaring opgevat word; Ll. *ultimatum*, ons. vorm v. *ultimatus*, "laaste" (Lat. *ultimus*); vgl. Eng. *ultimate*.

ultimo: jongsledede; verk. v. *ultimo die/mense* (Lat. v. "op die laaste dag/maand"), ablf. ekv. ml. v. Lat. *ultimus*, "laaste".

umlaut: in 'n mate intern. term i. d. taalk. v. d. invloed wat 'n klinker ondergaan deur d. aanwesigheid v. 'n ander vok. i. d. vlg. letg.; uit Hd. *umlaut*, in Hd. geskryfte gew. aangedui deur d. diak. teken " bokant d. betrokke vok., soms *klankwysiging* genoem.

uniform: b.n.w., gelykvormig; s.n.w., gelykvormige drag v. bep. groepe mense voorgeskrywe; Ndl. (sedert 17e eeu) *uniform* uit Fr. *uniforme* uit Lat. *uniformis*, "gelykvormig".

universiteit: inrigting v. hoër onderwys; Ndl. *universiteit*, Hd. *universität*, Eng. *university*, Fr. *université*, reeds i. 14e eeu uit Lat. as *universitas* in bet. "korporasie v. dosente en studente i.v.m. 'n *studium generale*", "algemene studie" waaraan alle "nasies" m. behulp v. Lat. as voertaal kon deelneem; v. ook *interversity*.

unster: Romeinse weegtoestel; Ndl. *unster* (by Kil *unster* en ww.), hou verb. m. Ndl. *ons*, "gewig", v. *ons* III.

uraan: bep. "element" (Simbool U); Ndl. *uraan/uranium*, Eng. *uranium*, in dies. dekade ontdek as d. 7e planeet v. d. Aarde af, Lat. Uranus, Gr. Ouranos, i. d. klassieke mitologie as 'n god verpersoonlik.

urea: bestanddeel v. urien; in Eng. gew. *urea* (verlat. vorm v. Fr. *urée*), in Ndl. gew. *ureum*, v. *urien*.

urera: pln. (*Urera tenax*, fam. *Urticaceae*), blb. het wetensk. ben. volksn. geword; d. ben. hou verb. M. Lat. *urere*, "brand" — d. plant hoort tuis by d. brandnetels.

ureter: buis v. nier na blaas; intern. term uit Lat. *ureter*, Gr. *ourêtêr* (ww. *ourein*, "urineer, water").

uretra: buis v. blaas na buite; intern. term uit Lat. *urethra*, Gr. *ourêthra* (ww. *ourein*, "urineer, water").

ureum v. urea.

urien: — *urine* — , vogafskeiding d. mens en dier; Ndl., Eng. e.a. *urine*, uit Lat. *urina*, Gr. *ouron* (ww. *ourein*, "urineer, water").

urinoir: — *urinaal* — , plek om te urineer/water, hoewel (soms) tegn. ondersk., maak die sprt. selde ondersk., Eng. gew. *urinal* (uit Lat. adj. *urinalis*), Ndl. sowel *urinaal* as *urinoir* uit Fr. *urinoir* (uit Fr. ww. *uriner*, "urineer/water"), v. *urien/urine*.

urn: erdepot; lykbus (gew. v. marmer) as houër v. veraste lyk; Ndl. *urn(e)*, Eng. *urn*, Hd. *urne*, uit Lat. *urna*, hou verb. m. Lat. *urceus*, Gr. (*h*)*urχê*, "kruik"; vgl. Lat. *urere*, "brand" (dus eint. "gebrande erdepot").

uso(wissel): betalingstermyn by wisselgebruik; Ndl. *uso*, uit It. *uso*, hou verb. m. Eng. *usage* en *use*, asook m. Lat. *usus*, “gebruik, praktyk”.

ut I: laagste toon i. d. natuurlike toonskaal, in gebr. v. d. 11e tot d. 17e eeu, toe dit d. *do* vervang is.

ut II: alleen bek. in verbg. m. voorafgaande *wit*: ’n *wit ut*, “iemand m. besonder ligte huidskleur en blonde hare”; het dit misk. d. metan. ontst. uit Ndl. *wittut* (vgl. *witkop*, *witkuif*), waarin d. ged. veroud. (veral dial.) wd. *toot/toet/teut/tuit*, Mnl. *tute/toyte/tuyte/tuit*, Fri. en WVl. o.a. *tut* (vgl. Ndl. *ijdelruit*, by Kil *ijdel-tuyte*) in bet. “mond; gesig; persoon; vrou” voorkom? Soos Ned. *tôt(e)* en *tūt(e)* sou dit o.a. “wit neus; wit mond; wit gesig; wit mens” kon bet. het; v. **tuit**.

uterus: baarmoeder; Ndl. en Eng. *uterus*, uit Lat. *uterus*, Gr. (*h*)*ustera*, “baarmoeder”, vgl. Skt. *ud-aram*, “maag”.

utopie: denkbeeldige land, droomland; droomlewe; Ndl. *utopie*, Eng. *utopia*, uit Gr. *ou*, “nie”, + *topos*, “plek” (m.a.w. daar is nie so ’n ideale plek nie) waarop d. titel v. sir Thomas More († 1535) se boek, *Utopia* (1516), berus het.

uur: tydsduur v. 60 minute; Ndl. *uur* (Mnl. *ure*), Hd. *uhr*, via ’n Rom. vorm *ora* uit Lat. *hora*, Gr. (*h*)*ōra*, “tyd; uur”, terwyl Eng. *hour* via Ofr. (*h*)*ore* (Fr. *heure*).

uvula: huig, kleintongetjie; hieruit s.nw. *uvulaar* en b.nw. *uvulêr*, uit Ll. dim. *uvula* uit Lat. *uva*, “druiwetros, druiewekorrel”.

uwe: gesubst. vorm v. **u** (q.v.) in verbg. soos: *die uwe*.

uwentwil v. ontwil.

V

vaag: nie-helder, onduidelik, onseker; Nnl. (19e eeu) *vaag*, nes Hd. *vag* en Eng. *vague*, via Fr. *vague* uit Lat. *vagus*, “swerwend” (verb. m. Lat. ww. *vagari/vagare*, “swerwe”), vgl. Eng. *vagary* en Afr. *vabond*; mntl. ook verb. m. Mnl. *vaech/vage*, “onbeboud, woës”.

vaak I: s.nw. en b.nw., “slaperigheid; slaperig; Ndl. *vaak* (Mnl. *vāke/vaec*), hou verb. m. Eng. b.nw. *fag*, “slap”, en ww. in bet. “kwyn, verflou”.

+ **vaak II:** (boekw.) dikwels; Ndl. *vaak* (Mnl. *vāke*, by Kil *vāke/vāken*), verboë vorm v. *vak*, tydsruimtelik toeg. en veral tuis in oostelike en noordoostelike Ndl. taalgebied, v. dVri J NEW.

vaal: askleurig; Ndl. *vaal* (Mnl. *vāle/vālu*), Hd. *falb/fahl*, Eng. *fallow*, hou verb. m. Lat. *palleo*, “bleek wees”, vgl. Gr. *polios*, “grou, grys” en *pelios*, “donkerkleurig”.

vaalaasvoël: ook bek. as *witaasvoël* (*Gyps coprotheres*) in teëstelling met d. *swartaasvoël* (*Torgos tracheliotus*), ook bek. as *kaalkop*, v. Scho PD 84; v. **kaalkop I**.

vaalblaar: pln. (*sp. Aloe*, fam. *Liliaceae*), v. Scho PD 92.

vaalboom: ook bek. as *Transvaalse silwerboom* (*Terminalia sericea*, fam. *Combretaceae*), ben. n.a.v. blare wat blink soos dié v. d. *Kaapse silwerboom* (*Leucadendron argenteum*, fam. *Proteaceae*), ook bek. as *wit(te)boom*, v. Mar. 74, 85, 90, 102 en 120 en Scho PD 19.

vaalbrak: ook bek. as *brakbos*, *vaalbos* en *soutbos* (*spp. Atriplex*, meer bep. *A. vestita*, fam. *Chenopodiaceae*), v. Mar 15, 72, 85 en 104.

vaaldoring v. vaalkameel.

vaaljakkals: diern. (*Vulpes chama/Canis variegatoides*, fam. *Canidae*), v. Scho PD 81.

vaaljapie: natuurlike wit wyn wat nie blink/helder gemaak is nie, as minderwaardig beskou word en aan plaasarbeiders by wyse v. wynrantsoen gegee word; vgl. *plaasjapie*.

vaaljas v. asmannetjie.

vaalkameel: ook bek. as *vaaldoring* (*Acacia haematoxylon*, fam. *Leguminosae*), wsk. redukv. v. *vaalkameeldoring*, v. Mar. 85, 110.

vaalkaroo: pln. (*Phymaspermum parvifolium*), soos by *vaalkameel* wsk. redukv. v. *vaalkaroo*(*sie*), fam. *Compositae*.

vaalkaros v. asmannetjie.

Vaalpens: spotn. v. Transvaler, vgl. Blikoor v. Vrystater en Woltoon v. Kapenaar.

vaalribbok: diern. (*Pelea capreolus (capreola)*, fam. *Bovidae*), v. Scho PD 13 en 50–1; v. **ribbok**.

vaaltee: ben. v. versk. plante (*Leyssera tenella* en *Helichrysum serpyllifolium*, albei fam. *Compositae*), v. Mar 81, 131–2; bllb. minderwaardige tee, ook bek. as *geelblommetjies-/honger-/skil-padtee*, *gaibossie*, *hottentotstee*.

vaaltorra v. **aidon**.

vaalwater: in verbg.: *in iemand se — kom*, “iemand dwarsboom”; volkset. v. Ndl. *vaarwater*.

vaam: — *vadem* — , lengte- en (veral) dieptemaat; Ndl. *vadem/vaam* (Mnl. *vādem*, reeds 15e eeu ook *vaam*), Hd. *faden*, Eng. *fathom*, hou verb. m. Lat. *patēre*, “oop staan” (wsk. m. uitgespreide arms, dan lengte v. vingerpunt tot vingerpunt ong. dié v. ’n vaam), vgl. *vadem/vaam* m. *bodem/boom*; by vRieb *vadem/vaâm/vaem*.

vaan: banier, vlag(gie); Ndl. *vaan* (Mnl. *vāne/vaen*), Hd. *fahne*, Eng. *fane* en *vane*, ouer bet., soos by Got. *fana*, “doek”, hou verb. m. Lat. *pannus*, “doek, lap”, Gr. *pênê*, “weefdraad; weefsel”; hiervan is *vaandel* (sedert 16e eeu) eint. ’n dim.

vaandrig: vaandeldraer; Ndl. *vaandrig* (by Kil *vaen-draegher/vaend-righ*), Hd. *fāhn(d)rich*; d. eerste lid hou verb. m. **vaan** (q.v.) en d. tweede m. die ww. *dra*; by vRieb gew. *vendrigh*.

vaar I: ww., beweeg, reis; daarvan afkom; Ndl. *varen* (Mnl. *vāren*), Hd. *fahren*, Eng. *fare*, hou verb. m. Lat. *portare*, “bring; dra, vervoer”, Gr. *poros*, “deurgang; pad, weg;” v. **veer II**, **voer II**.

vaar II: s.nw., soms ww. en soms doeb. v. *vader* (i.v.m. diere veral *vaar*); Ndl. *vader* (Mnl. *vāder*), Hd. *vater*, Eng. *father*, Fr. *père*, Lat. *pater*, Gr. *patēr*, Skt. *pitár*.

vaarlands-: afkomstig uit d. vaderland (Nederland, maar ook d. vasteland v. Europa); Ndl. *vader-/vaarlands(ch)* — dit was al vroeg aan d. Kaap gebr. om te praat v. *vaarland(s)skaap*, *-riet*, *-volk*, *-wilg*, ens., v. Scho TWK/NR 7, 2, p. 31.

vaartjie: dim. v. **vaar II** (in dié geval v. mense), bv. ’n *aardjie na sy* — (ook Ndl.); Ndl. het naas *vaartje* ook *vaatje* (i. d. kindt.).

vaas: blompot, kruik; Ndl. (na Kil) *vaas* uit Fr. *vase* (wu. wsk. ook Eng. *vase*) uit Lat. *vas*, “skottel”.

vaatdoek v. **vadoek**.

vaatjie: dim. v. *vat*, voghouer, vogmaat; Ndl. *vat* (Mnl. *vat*), dim. *vaatje* (i. d. 16e eeu *vatgen/vatken*, i. d. 17e eeu *vatge/vatien/vatje(n)*, by vRieb o.a. *vatjes*), Hd. *fass*, Eng. *vat*; verb. hoërop onseker.

vaabond: — *vagebond* — , landloper; karnallie (skelnaam); Ndl. (sedert 16e eeu) *vagebond/vagabond*, via Fr. *vagabond* uit Ll. *vagabundus*, “rondloper”, v. **vaag**.

vadem v. vaam.

vader v. vaar II.

vaderlander en vaderlands v. vaarlands-.

vadoek: — *vaatdoek* —, skottelgoeddoek; redukv. het hoër frekw. as vol vorm; Ndl. *vaatdoek* naas *vadoek* m. ass., in ander ss. egter *vaat-*, v. vat I, *vaatjie*.

vadoekkalbas v. loefa.

vag: vlies wol; Ndl. *vacht* (Mnl. *vacht*), Eng. (veroud.) *fax* nog in eien. soos Fairfax en Halifax, hou verb. m. Gr. *pekos/pokos*, “vlies, wol”.

vagebond v. vabond.

vagevuur: lydings- en suiweringsplek v. begenadigde siele; Ndl. *vagevuur* (Mnl. *vaghevier*), uit *vagen*, ww. v. vee II, en *vuur*, Hd. *feg(e)=feuer*, vlgs. sommige etim. as vert. v. Ll. *purgatorium*, maar vlgs. ander uit Pat. Lat. *ignis purgatorius*, “reinigende vuur” (Lat. *ignis*, “vuur”, en *purgāre*, “reinig”).

vagina: skedeagtige kanaal v. *vulva* na *uterus*; intern. anatomiese term, uit Lat. *vagina*, “skede”.

val v. vel II.

vale v. aidon, asmannetjie.

valk: voëls. (*spp. Falco*, fam. *Falconidae*); Ndl. *valk* (Mnl. *valke*), Hd. *falke*, mntl. Germ. v. herk., maar daaraan ontln. deur Ll. as *falco* (gen. *falconis*) en daaruit via Ofr. *fauc(on)/falcun* in Eng. *falcon*, vgl. It. *falcone*, Port. *falcao*, Sp. *halcon*, hou verb. m. Lat. *falx* (gen. *falcis*), “sekel”, n.a.v. sekelvormige kloue v. d. voël.

vallei: vir sommige sprekers/skrywers nog net ww., ander skei as doeb. tussen *vallei* en *vlei* ong. as volg: 1. *vallei*, “dal” (gew. tussen berge/rante, m. lopende water in reëntyd); 2. *vlei* (tot 18e eeu selde i. S.A. gedok.) a. “waterloop” (gew. m. moerassige plekke, m. biesies/riete begroei en effens laer as omgewing), b. “pan” (soms vol water en soms byna of heeltemal droog, ong. soos by lVa, Cha en Mans KHI), maar vRieb se (mv.) *valleijen/valeyen*, Duminy se *flaije*, Trig se *valij/falij* en (mv.) *vlijen* (lRo T DLT 265, 266) en vWiel se opmerkings (21, 87, 128, 193 et passim) laat soms aan duidelikheid te wense oor, o.a. omdat valleie soms tussen berge/rante ontst. en laer af geleidelik in vleië uitloop. Frank TE 12–14 beklemtoon “heterogene afkoms v. d. ben. *vlei*”

naas *vallei*”, maar dit gaan oor toep., nie oor herk. nie, want albei vorme gaan terug op Ndl. *vallei* (Mnl. *valeyē/valeide/vleyē/vlaeye* en ww. m. *ll*; in 16e en 17e eeu ook Ndl. *vlei* en dial. Ndl. (bv. Boek ZV) *vlaai/vlei* m. *ei/aai*, vgl. **haaivlakte**, **uitwaai**), soos Eng. *valley*), via Fr. *vallée* uit Lat. *vallis*, “dal” — oor vorme, toep. en dokg. i. Ndl. en Afr. vgl. behalwe Frank (t.a.p.) ook Scho TWK/NR 7, 2, p. 33–4; v. ook **vlei** I.

vampier: soort dierlike nagspook (in volksgeloof); bloedsuiervlermuis (*Vampyrus spectrum*, fam. *Desmodontidae*); Ndl. *vampier* (ouer: *vampire/vampyr*), via Hd. *vampir* (1732) uit Ser. *vàmpîr* (vgl. Rus. *upyr*), “nagspook”; bet. “vlermuis” blb. via Fr. *vampire* uit S.-Am.

vandalisme: barbaarse vernielsug (veral t.o.v. kunswerke); Ndl. *vanda-/wandalisme*, Eng. *vandalism*, Fr. *vandalisme*, blb. d. eerste teen d. end v. d. 18e eeu i. Fr. gebr. t.o.v. die wandade v. d. gepeupel tydens d. Fr. Rewolusie n.a.v. die naam v. d. Vandale wat hulle egter nie meer as hulle tydgenote daaraan skuldig gemaak het nie — verb. v. ben. Vandale m. Sp. streekn. Andalusië word deur sommige onomastici in twyfel getrek.

vandees-: — *vandese-/vandeus(e)* — , in verbg. m. *-jaar*, *-maand* en *-week*, “in hierdie jaar”, ens.; v. *dees* in *deesdae* en *deus(e)* in *deus-/duskant*, al dié vorme uit Ndl. *deze* wat verb. hou m. *dit* en *dus*.

vandermerwekruie: — *vandermerweskruie* — , pln. (*Osmites hirsuta*, fam. *Compositae*), v. Mar 85 en 132, ben. n.a.v. familienaam en geneesk. gebr.

vandisie: — *vendusie* — , openbare verkoping aan hoogste bieër; Ndl. (16e eeu) *venditie*, (17e eeu) *vendutie* naas *vandusie*, e.g. toe in O.-Ind. na vb. v. *vendu* (vgl. Afr. *vendu-afslaer*, *vendumeester*, *venduregte*) uit (veroud.) Fr. *vendition* (ouer *vendicion*) uit Lat. *venditio*, “verkoping” (ww. *vendere*, “verkoop”); vgl. Eng. *vend(er)*, *vendible*, *vendition* en *vendor*.

vanggat: gat om wilde diere in te vang, by Wik gedok., v. Scho TWK/NR 7, 2, p. 32; v. ook **keisiegat**.

vanielje: — *vanille* (nie noodwendig na vb. v. Eng. nie) — , geurige speseryplant en sy geursel (*Vanilla planifolia*, fam. *Orchidaceae*); Ndl. (na Kil) *vanielje/vanille*, soos Eng. *vanilla*, uit Fr. (1693) *vanille* uit Sp. *vainilla*, dim. v. *vaina*, “peul”, wat verb. hou m. Lat. *vagina* (q.v.).

vanmelewe: — *vans(e)lewe* — , lank gelede, in d. ou tyd; Ndl. *van mijn/zijn leven* (WNT VIII 1735 en XVIII 418).

vanwykshout: pln. (*Bolusanthus speciosus*, fam. *Papilionatae*), ook bek. as *loodhout*, v. Mar 85, 111.

varing: — *varao/varo/varoe/varre/faro* (by Mans KHI en vWiel 142, 174, 198–9, 202, 204, 217, 239, vandag almal weinig bek.) —, Afr. *varing* met velg. v. *-en* tot *-ing*; Ndl. *varen* (Mnl. *vāren*, dial. *varem*, ander ou vorme *vaar*, *vare*, *veir*), Hd. *farn*, Eng. *fearn*, hou verb. m. *veer* (plant met veervormige blare), vgl. Gr. *ptēris*, “varing”, *pteron* en *ptērx*, “vleuel, vlerk”; tot nog toe geen bevredigende verkl. v. *o* en *oe* in veroud. ww. nie.

vark: soort soogdier (*spp. Sus*, fam. *Suidae*); Ndl. *varken/verken* (in Mnl. *verken* gewoner, ouer vorm *verkin*, by vRieb dikw. *vercken*), Hd. *ferken*, vgl. (dim.?) *ferkel* en dial. *farch/fark*, “big”, Eng. *farrow*, “big”, hou verb. m. Lat. *porcus*, “vark” — Ndl. *varken* wsk. as mv. opgevat en daaruit nuwe ekv. geabstr. (vgl. Afr. *vul* en Ndl. *veulen*), v. WNT XVIII 580 en dTol TNTL LXVII 2 en LXVIII 4.

varkbek: visn. (*Pagellus lithognathus*, fam. *Sparidae*), ook bek. as *wiusteenbras*, v. Bul 2, 121; ben. n.a.v. ooreenkoms van bek.

varkblaar: ook bek. as *varkblom*, *varklelie*, *trompetlelie*, pln. (vroeër *Richardia africana*, nou *Zantedeschia aethiopica*, fam. *Araceae*), ben. n.a.v. gebr. v. wortels v. d. plant as varkkos, v. Mar 7, 85 en 136 en Scho PD 93; v. ook **aronskelk**.

varkie: ben. v. versk. soorte vis (*Pomadasyops opercularis*, ook bek. as *tjor-tjor*, en d. eint. *tjor-tjor*, nl. *Pomadasyops incisus*, albei fam. *Pomadasyidae*), ben. n.a.v. sy knorgeluid, v. Bul 2, 97, 98.

varkkos: pln. (*Portulaca oleraceae*, fam. *Portulacaceae*), na bewering hou varke daarvan, v. Mar 68, 85 en 108.

varklelie v. **varkblaar**.

varkneus(ie): pln. (*Androcymbium burchellii*, fam. *Liliaceae*), na bewering vroetel varke dit met d. neus uit as kos, v. Mar 85, 137.

varkoor: pln. (*Cotyledon orbiculata*, fam. *Crassulaceae*), ben. blb. n.a.v. vormooreenkoms, want ook bek. as *hondeoor*, v. Mar 85 en 108.

varkslaai: pln. (*Mesembrianthemum pugioforme*, fam. *Aizoaceae*), ben. n.a.v. slymerigheid v. stingel en wortel, want ook bek. as *snotwortel* (q.v.), v. Mar 85, 105 wat dit ook as *varkwortel* ken.

varkstert: pln. (*Cyrtanthus spiralis*, fam. *Amaryllidaceae*), gekrulde groeiwyse laat dink aan gekrulde varkstert, v. Mar 85, 140.

varkwortel v. varkslaai.

varo(e) en varre v. varing.

vars: nuut; pas gebak; nie sout genoeg nie; nog nie bederf of verlep nie; uitgerus (veral v. ry- of trekdiër gesê), Ndl. *vers(ch)/vars(ch)*, ook Mnl. *versc/varsc/vorsc* en dial. ww. m. *a* en *o*, Hd. *frisch* (wu. Ndl. *fris(ch)*, ook in dial.), Eng. *fresh* (uit Germ. vorm Fr. *fraîs, fraîche* i. dies. bet.), by Bog I 139 *varsch*, by vRieb *vers(ch)*, v. Kloe HGA 115; v. vers III.

vasal: leenman; onderhorige; Ndl. *vasal/vazal* (Mnl. *vasa(e)l/vassael/vasseel*), soos Eng. *vassal*, uit Fr. *vas(s)al* uit Ll. *vasallus*, dim. v. *vassus*, “dienaar”, blb. v. Kel. herk.

vasel: draad, rafel; Ndl. *vazell/fasel* (Mnl. *vaselinge* en *vaselinc*, dial. Ndl. (o.a. by Boek ZV *fasel*) ww. v. Ndl. *vezel*, Afr. *vesel*), Hd. *fasel/faser*, “draad, rafel”, ww. *fasen*, “uitrafel”, *faserig*, “drade-rig”, v. ook *vesel*.

vaskeer: ontsnapping belet; (fig.) in ’n onontkombare posisie plaas; Scho TWK/NR 7, 2, p. 32 wys op gebr. by Trig en (t.a.p. op p. 5) ook op afwykende gebr. v. die ww. *keer* in Afr.

vastrap: s.n.w., ’n soort volksdans, hierby sk. soos *vastrapdans, vastrapmusiek*; Ndl. *vastrappen* alleen lett. (bv. grond met voet vastrap).

vat I: s.n.w., v. *vaatjie*.

vat II: ww., gryp, neem; begryp; begin (bv. trekdiere); Ndl. *vatten* (Mnl. *vatten/vâten*, lg. nog dial.), Hd. *fassen*, hou verb. m. **vat I** en bet. vroeër “in ’n vat doen”, verb. m. Eng. *fetch* — oor ruimer gebr. v. wd. i. Afr. as i. Ndl. vgl. Scho TWK/NR 7, 2, p. 32 en Kloe HGA 203; v. *veter*.

vee I: s.n.w., mak diere; Ndl. *vee* (Mnl. *vee/vie* en dial. ww.), Hd. *vieh*, Eng. *fee*, “leen(goed); loon, geld” (uit Ofr. *fê/fief*, ens.), hou via Ll. *feodum/feudum* verb. m. Lat. *pecu*, “vee”, en m. *pecunia*, “eiendom, vermoë, geld/munt”.

vee II: — *veeg* — , ww., (m. besem/borsel) skoonmaak; Ndl. *vegen* (Mnl. *vêghen*), Hd. *fegen*; in Se. en Vl. *vagen*, v. *vagevuur*; herk. hoërop onseker.

veel I: — (dial.) *veul* — , baie, heelwat; Ndl. *veel* (Mnl. *vele*, dial. Ndl. ook *veul*), Hd. *viel*, Got. *filu*, Gr. *polus*, “baie; groot; lank”, hou verb. m. *vol*; v. ook *veul*.

veel II: duld, uitstaan, verdra; Ndl. (eerste dokg. ong. 1500) *velen*, vgl. Oeng. *fēolan*, “deurstaan, ondergaan”, herk. verderop onseker.

veeplaas: gew. in teëstelling m. *saaiplaas*, soms ook = *veepos*, maar lg. kan ook 'n bep. deel v. 'n saai- of veeplaas wees, oor gebr. i. S.A. van vroeg 18e eeu tot begin 19e eeu v. Scho TWK/NR 7, 2, p. 32.

veer I: s.nw. en ww., bedekking v. voëls; veerkragtige stuk metaal, albei ook as ww.; Ndl. *veder/veer* (Mnl. *veder(e)/veer(e)* en dial. ww.), Hd. *feder*, Eng. *feather*, hou verb. m. Lat. *penna*, “veer”, en m. (*acci*)*piter*, “valk” (lett. “snelvliegend”), ww. *petere*, “vlie(g)”, Gr. *pteron*, “vleuel”, ww. *petomai*, “vlie(g)”, en Skt. *patra-m*, “vleuel”, v. ook *varing*, *vlerk*, *vleuel*, *vlieg II*.

veer II: s.nw., oorgang by rivier; pont; Ndl. *veer* (Mnl. *vēre/veer*, by Kil *vere/vaer*), Hd. *fähre*, Eng. *ferry*, hou verb. m. *vaar I*.

veertjie: pln. (*Struthiola stricta*, fam. *Thymelaeaceae*), ook bek. as *katstert*, ben. n.a.v. vormooreenkoms, v. Mar 85, 120; v. ook *rumanaggie*.

veg: ww., bestry, stryd voer, weerstand bied; Ndl. *vechten* (Mnl. *vechten*), Hd. *fechten*, Eng. *fight*; meningsverskille oor herk. hoërop, v. FvWvH en dVri J NEW.

veil: b.nw., beskikbaar, gereed (bv. *sy lewe v. iets — hé*), hierby ook ww., te koop aanbied; aanprys; Ndl. *veil* (Mnl. *veil/veile*), Hd. *feil* naas ww. *feilschen*, “afding”, herk. buite Germ. onseker, asook verb. m. *veilig*.

vel I: s.nw., huid; Ndl. *vel* (Mnl. *vel*), Hd. *fell*, Eng. *fell*, hou verb. m. *film* en wsk. m. Lat. *pellis*, Gr. *pella*, “huid”, en indien wel, dan ook m. med. term *erisipelas*, “huidontsteking” (Gr. *erusi* (uit *eruthros*, “rooi”) en *pel* (uit *pella*, “huid”).

vel II: ww., laat val, omkap (bv. 'n boom); doodmaak (bv. m. 'n swaard); uitspreek (bv. vonnis); Ndl. *vellen* (Mnl. *vellen*), Hd. *fällen*, Eng. *fell*; kous. v. Ndl. *vallen*, Afr. *val*, Hd. *fallen*, Eng. *fall*, Gr. *sphallein*, “ten val bring”.

veld: stuk (gew. onbewerkte) grond; gebied, terrein; Ndl. *veld* (Mnl. *velt*), Hd. *feld*, Eng. *field*, hoof. WGerm., maar misk. verb. m. Lat. *palam*, “oop” (bv. oop veld).

veldkos: (gew.) alle eetbare plantaardige gewasse wat wild groei, gedok. by Wik (Scho TWK/NR 7, 2, p. 32).

veldtee: pln. (*spp. Rafnia*, fam. *Leguminosae*), ben. wsk. n.a.v. òf voorkoms òf gebr., v. Mar 81, 112.

velling: houtdeel v. wiel wat deur speek m. naaf verbind word; Ndl. *velg/velling* (Mnl. *vel(le)ge/vellige*, ook dial. Ndl. *velling* (o.a. by Boek ZV), dus nie spesifiek Afr. sg. velg. nie), Hd. *felge*, Eng. *felloe* (dial. *felly/fally/vally*), ouer bet. blb. "geboë stuk hout".

velskoen: (vroëer) tuis gemaakte skoen, (later ook) fabrieksprodukt; dokg. sedert 1675 (buite S.A.) en in S.A. sedert vroeg 18e eeu tot by Trig pleit v. *veldskoen* (Scho TWK/NR 7, 2, p. 32).

velskoenblaar: pln. (*Haemanthus coccineus*, fam. *Amaryllidaceae*), ook bek. as *skoensole*, e.g. gedok. by Men (Scho PD 70), ben. n.a.v. vorm, v. Mar 86, 140; v. ook *misryblom*.

velt v. vilt.

vendusie v. vandisie.

vennoot: medelid/deelgenoot i. sakeondernemings; Ndl. *vennoot/veinoot* (Mnl. *venood/venoet/veinoot*/(sedert 15e eeu) *vennoot/vennet* uit *vent/venit/venoot*), hou verb. m. *veem*, "vereniging" en (*ge*)noot, "maat".

venster: m. deursigtige materiaal bedekte opening in muur; Ndl. *venster* (Mnl. *venster(e)*/(ook dial.) *vei(n)ster(e)* — *veinster* tot 17e eeu), Hd. *fenster*, Oeng. *fenester*; ou ontl. uit Lat. *fenestra*, wsk. verb. m. Gr. *phainein*, "aan d. lig bring/kom", en *phaneros*, "sigbaar".

venyn: gif; Ndl. *venijn*, vroëer ook *fenijn* (Mnl. *venijn*, later ook dial. wv.), Eng. *venom*, ouer ook *venim/venum*, Fr. *venin*; wsk. via 'n Ll. vorm uit Lat. *venenum*, "gif", vroëer misk. "liefdes-/tower-drink aan Venus gewy".

ver- I: voorv. wat verb. hou m. Ndl. *ver-*, v. versk. herk. (vgl. Got. *faur(a)-*, *fair-* en *fra-*) later ged. saamgeval (WNT XIX 1), oor gebr. i. Afr. v. Kem WFA 459-468.

ver- II: voorv. wat verb. hou m. Ndl. *voor-* (vgl. Afr. *veral*, *verby*, ens. m. Ndl. *vooral*, *voorbij*), v. WNT XIX 17 en Kem WFA soos by **ver-** I.

ver- III: — *vir* — ; waar Ndl. *voor-* in Afr. tot *vir* ontw. het en dan tot voorv. *ver-* verbleek het, word soms *vir* (los en selfst.) geskryf of *ver-* (vas en as voorv.), bv. *verlaas/vir laas*; *vervas/vir vas*, ens., v. Kem WFA soos by **ver-** I en II.

ver: b.nw. en bw., op 'n afstand (in ruimte en tyd); Ndl. *ver/verre* (Mnl. *verre*), Hd. *fern*, Eng. *far*; hou misk. verb. m. Gr. *pera*, "buite(nsporig)" (ong. wat verder as d. maat lê).

+ **veraltereerd**: bevrees (in huidige eeu nog sporadies in sprt. gebr.); Ndl. (veral dial.) *veraltereerd* (ww. *veraltere(e)ren*, uit *ver-* en *altere(e)ren* uit Fr. ww. *altérer*, (eers) “verander”, (later) “ontstel”; via Ll. *alterare*, “verander”, uit Lat. *alter*, “ander”.

veranda: stoepbedekking; bedekte stoep; Ndl. en Hd. *veranda*, Eng. *veranda(h)*, Fr. *vérande*; i. Ndl. het *veranda* blb. deureen-geloop m. *warande/waranda*, “(diere)park; lushof”, terwyl in Eng. (wu. versk. Eur. tale dit gekry het) ook twee wd. met mekaar vermeng geraak het, nl. Hindo. *varandā* (i. d. 18e eeu d. Eng. ontl.) en Port. *varanda* (vgl. Sp. *baranda*) i. d. 15e/16e eeu aan Port. ontl. in bet. “balkon”, en wel voor d. ontl. aan Hindo.

veras: kremeer; Ndl. (1643) *verass(ch)en*, blb. i. laaste kwart v. d. 19e eeu opnuut gevorm na d. vb. v. Fr. *incinérer* ter vervanging v. *creme(e)ren/kremeren*.

+ **verboek**: Frank TE 31 het n.a.v. Mans KHI se *verboekt*, “sieklik”, blb. 3 wd. deureen laat loop wat almal veroud. verl. dw. is, in ’n mate eenders v. klank en vorm, en wat almal betrekking het op ’n verslegte gesondheidstoestand (veral by diere), nl. 1: **verboef**, Wvl. *verboeft/verbouft* (Debo), Gron. *verboft* (tLa NGW), gebr. t.o.v. ’n perd wat warm by d. water gebring word, te veel drink en dan ’n verswakking v. korter of langer duur toon, wsk. verb. m. Fr. *fo(u)rbu* uit Ofr. *forboire*, “te veel drink”; 2. **verboeg**, Gron. *verboug(d)* (tLa NGW), gebr. t.o.v. ’n perd wat deur sy tuig aan d. bors beseer is en soms ’n verswakte voorlyf daarvan oorhou, hou wel verb. m. **boeglam** (q.v.); 3. **verboek**, Mans se *verboekt* (nie i. Ndl. dial. opgespoor nie), gebr. t.o.v. (veral jong) diere wat deur ondervoeding ’n *boek-/boepens* ontw. het en gew. ’n swak gestel daarvan oorhou, vgl. **boepens** en **verboep**.

verboep: met ’n boepens, wsk. redukv. v. *verboepens(te)*, vgl. **boepens** en **verboek** hierbo.

✓ **verby**: bw. en voors., afgelope, agter d. rug (in ruimte en tyd), verder; langs; Ndl. *voorbij* (Mnl. *vorebi/verbi* uit *vore* + *bi*, vgl. Got. *faurbigaggan*, by Kil *veurbij*, by vRieb dikw. *verbij*), vgl. Kloe HGA 293.

verdoem: veroordeel; vervloek; Ndl. *verdoemen/verdommen* (Mnl. *verdoemen/verdommen*), Hd. *verdammen*, hou verb. m. Eng. *condemn, damn, deem* en *doom* en m. Lat. *damnāre*, “veroordeel”.

verdomp: kragw. en uitr.; Ndl. *verdomd* (uit *verdommen/verdoemen*), oor Ndl. ausl. *-md* teenoor Afr. *-mp*, vgl. Ndl. *hemd* en Afr. *hemp*, v. ook Kloe HGA 97.

verdors: van dors omkom; Ndl. (veroud.) *verdorsten*, maar nog dial., bv. Gron. (tLa NGW), in Afr. gedok. end 18e eeu, v. Scho TWK/NR 7, 2, p. 32.

verdra: — *verdraag* — , ly, uitstaan, veel; Ndl. *verdragen* (Mnl. *verdrāghen*, reeds by Kil in bet. v. Lat. *tolerare, sustinere*), Hd. *vertragen*, (eers) “vervoer”; (later) “ly, uitstaan, verduur”.

verdrag: ooreenkoms, verbond; Ndl. *verdrag* (Mnl. *verdrach(t)*, “kwytskelding”), Hd. *vertrag*, hou verb. m. **verdra** (q.v.); in verbg.: *met* — (by Wik *na* —) “geleidelik”; in Ndl. *met* — , “met bedaardheid”, v. Scho TWK/NR 7, 2, p. 33.

verduiker: — *verduikers*/(soms net) *duikers* — , eufem. v. (*ver*)=*duiwels*, dokg. uit 1861, 1862 en 1868 vermeld d. Scho TWK 14, 1, p. 10 en 35-6.

vereers: — *vir eers* — , v. **ver-** III.

verfklip: vroeg 19e eeu gedok. i.v.m. klip wat in verpoeyerde vorm m. olie gemeng en as verfstof gebr. is, vgl. Scho TWK/NR 7, 2, p. 33; in Ndl. alleen *verfaarde* teëgekrom.

verfoes: deurmekaar krap, in d. war stuur; verniel, gew. i. all. verbg.: — *en verformfaai*; Gron. het *verfoesd*, “beteuterd” (Mole wat verwys na Hd. *verfuschen*), o.a. ook in bet. “verbouereerd” (tLa NGW); WFa. *fusen*, “met d. vuis slaan” (Woe); by OFri. *fukseln* word na Hd. *fuchsen* en *fuchseln* verwys (tDK); Hd. *fuscheln*, “knoei”, en *fuseln*, “foesel (d.w.s. slegte brandewyn) drink”, asook *fusen*, “yl”; ondanks Kloe HGA 25, 27 se verkl. uit Hd. *verpfuschen* hoef die wd. nie aan Hd. ontl. te wees nie en kon dit uit een v. d. oostelike Ndl. dial. gekom het.

verformfaai: deurmekaar maak, gew. in all. verbg.: *verfoes en* — ; Ndl. *verformfaaien* (na Kil), Gron. *verformfaain*, “verdraai, verkreukel, verwaarloos” (tLa NGW), Hd. *verfumfeien*, wat m. “dans” en “viool” in verb. gebring word en wsk. kn. was — pleit ook vir dial. Ndl. herk. v. **verfoes**.

vergalgste: — *vergalste* — , (kragw.) ergerlike; hou wsk. verb. m. Ndl./Afr. *vergal(len)*, misk. m. byg. aan *galg* (vgl. Ndl. *loop naar de galg*), v. Malh DF AS 341 en Scho TWK 14, 1, p. 36 m. vb. uit 1864.

vergange: verlede; blb. i. Ndl. veroud. of feitlik verdwyn, vroeër nog gew. (bv. by vRieb) en nog i. Ndl. dial. (bv. by Boek ZV, asook Gron. en WFa. by Mole), Hd. ook *vergangen*, v. Kloe HGA 307.

vergiettes: bak. m. gaatjies, sif; Ndl. *vergiettest*, (gew.) “groentewasbak m. gaatjies”, sk. v. Ndl. *vergiet(en)*, vgl. **geut**, en **tes/tessie** (q.v.).

vergoelik: versag, verskoon; Ndl. *vergoelijken*, “goedpraat, verskoon”, hou verb. m. b.nw./bw. *goed*.

verhaal: geskiedenis, vertelling; skadeloosstelling, vergoeding; Ndl. *verhaal* (Mnl. *verhael*); in verbg.: *tot verhaal* (by Wik *herhaal*) *kom*, “bedaring, herwinning v. krag/verlies; op dreef”; in 17e-eeuse Ndl. *tot verhaal* gew., tans egter *op verhaal* (dial. *haal*), v. Scho TWK/NR 7, 2, p. 33, asook Kloe HGA 307.

verhemelte v. gehemelte.

verkleurmanneljie v. kameleon en trapsoetjies.

verkul: bedrieg; vir d. meeste Afrikaanssprekendes het *kul* geen obsene assos. meer nie en is dit selfs ’n “flou” wd. om d. begrip “bedrieg” weer te gee; *verneuk* het ook nie meer sodanige assos. nie, maar word as “plat” beskou — vandaar *verkul* as ’n eufem. kontamv. v. *verneuk* en *kul*.

verkwalik: kwalik neem, Scho TWK 14, 1, p. 36 gee Afr. vb. uit 1862 en 1864 en wys op dial. Ndl. gebr. en dial. Afr. *kwalk*.

verlei: verkeerd/tot kwaad lei; Ndl. *verleiden* (Mnl. *verleiden/verlēden*), Hd. *verleiten*, “op ’n dwaalspoor bring”, hou verb. m. Ndl. *leiden*, Afr. *lei*, Eng. *lead*, Hd. *leiten* — eint. kous. v. Ndl. *lijden*, Afr. *ly*.

verloor: kwytraak; verdwyn; onderspit delf; uit d. impf. v. Ndl. *verliezen* (Mnl. *verliesen*), Hd. *verlieren*, Eng. (verl. dw.) *forlorn*, vorme met *r* het in die paradigma v. d. ww. ’n belangrike rol gespeel, nie by d. s.nw. *verlies* nie, mntl. ook v. belang kon feit gewees het dat die ww. meestal na d. gebeure gebr. word.

verly: tegn. regsterm, meer bep. in verbg.: ’n *akte/stuk/testament deur ’n notaris laat verly* (opstel en uitvoer; in Eng. heet dit *execute*); Ndl. *verlijden*, wsk. in bet. “passeer” v. *lijden* (vgl. WNT VIII 2224).

vermaak: s.nw. en ww., pret, (as ww.) amuseer; verleë maak (lg. bet. verpers. in: *nie Vermaak se kind nie*, vgl. *jaloers . . . janloers . . . Jantjie se baadjie aanhê*); bet. “pret” en “amuseer” gew. i. Ndl., maar *vermaak* in bet. “verleë maak” as “straatwoord” beskou en wsk. uit 17e-eeuse seemt. (Bosh VT 169), seker ontw. uit Ndl. *vermaken* in bet. “anders maak”.

vermeer v. vomeer.

vermeerbossie: pln. (*Geigeria passerinoides*, fam. *Compositae*), by Mar 87, 131 nog as *vomeerbossie* (v. **vomeer**), ben. n.a.v. feit dat dit giftig is en vee wat dit vreet, laat vomeer/vermeer.

vermei: jou — , iets geniet; Ndl. (*zich*) *vermeien* (Mnl. (*hem*) *vermeien*, by Kil *vermeyen*) uit *ver-* + *meien*, “die maand Mei (begin v. d. somer in Europa) vier” (vgl. Ndl. *meiboom*, Eng. *maypole*).

vermetel: aanmatigend; Ndl. *vermetel* (Mnl. *vermētel*, vorm te vgl. m. Ndl. *vergetel(heid)* en Mnl. *verghētel*), hou verb. m. Ndl. *vermeten* en Hd. *vermessen* en verder m. *maat* en *meet*, ouer bet. dus eint. “te hoog gemeet, oorskat”.

vermicelli: dun meelpypies (dunner as spaghetti); in ’n mate intern. i. d. handel (Ndl., Eng. e.a.) uit It. *vermicelli*, mv. v. *vermicello*, dim. v. Lat. *vermis*, “wurm”, vgl. nog Eng. *vermin*, en verder ook **vermikuliet** en **vermiljoen**.

vermikuliet: mineraal, gew. i. vorm v. skilferagtige vlokkies, vir plantkwekery en as isoleermiddel gebr.; met *-iet* (suf. by baie delfstofn.) gevorm uit *vermi-*, v. verder **vermicelli**, **vermiljoen**.

vermiljoen: kleur, kleurstof; Ndl. *vermiljoen* (Mnl. *vermelioen*), soos Eng. *vermillion*, uit Fr. *vermillon* uit dim. v. Lat. *vermis*, “wurm”; v. verder **vermicelli**; d. kleurstof is verkry uit die sg. (skarlaken)=wurm.

vermoed: ww., “veronderstel”; s.nw. *vermoede*, “veronderstelling”; Ndl. s.nw. en ww. *vermoeden* (Mnl. *vermoeden*), Hd. *vermuten*, hou verb. m. Mnl. *moeden*, “dink, meen; vermoed; verwag”.

+ **vermoerd:** — *vermoers* — , vervloek/vervloeks; Scho TWK 14, 1, p. 36 gee sonder meer Afr. vb. uit 1850 en 1864 — hou dit verb. m. dial. Ndl. *vermoord* in bet. “erg” (tLa NGW), Se. *vermoore(n)/vermoere(n)* (Ghijis 1051), “bederf, ongeskik maak” ? of met *moer*, “moeder” ?

vermy: ontwyk; Ndl. *vermyden* (uit *ver-* + *mijden*, Mnl. *mīden*), Hd. *meiden*, hou blb. verb. m. Ndl. *missen*, misk. ook m. Lat. *mittere*, “laat gaan, (weg)stuur”.

verneuk: bedrieg, fop, kul (grof en plat, maar minder ongunstig as in) Ndl. *verneuken* (na Kil), v. *neuk*; Frank TB 197 en 204 No. 41 wys op gebr. by Boniface.

verniel: beskadig, breek; verwoes, vernietig; Ndl. *vernielen* (Mnl. *vernielen*, ouer bet. “neergooi”, hou verb. m. Mnl. *niel*, “voor=oor”), by vRieb is Doman kwaad vir Eva en wil hy haar *vernielen*, “beskuldig? doodmaak”?

+ **verniemdal:** — *vernimdal* — , (dial. v.) verniet, sonder rede; redukv. v. *vir niemendal*; Ndl. *niemendal* uit Mnl. *niet met allen*, “volstrek nie”, v. Scho TWK 14, 1, p. 36.

verniet: gratis; tevergeefs; Ndl. *voor-*, v. *ver-* II + *niet* v. **nie(t)** en **niks**.

+ **vernimdal** v. + **verniemdal**.

vernis: s.nw. en ww., glansverfstof; skyn (bv. 'n — v. *beskawing*); Ndl. *vernis* (Lmnl. *vernis*), Hd. *firnis*, Eng. *varnish* via Fr. *vernis* en Ll. *veronice*, “lekkerruikhars”, Gr. *berenikê*, na d. naam v. d. gelyknamige stad (tans Benghasi) en dit weer na d. naam v. d. Eg. koningin Berenike II (3e eeu v.C.).

vernuft: skerpsinnigheid, verstand(svermoë), vindingrykheid; Ndl. *vernuft* (Mnl. *vernuft*) uit Mhd. *vernu(n)ft* (Ohd. *fernum(e)st*, Hd. *vernunft*), “verstand”; i. d. 17e eeu is *ingenieur* soms puristies vervang d. *vernufteling*.

veronagsaam: — *verontagsaam* (m. epent. *t* soos in *verontwaardig*, ook Ndl. *verontwaardigen*) — , geringskat, nie ag gee op nie; Ndl. *veronachtzamen* (in sprt. soms ook *verontachtzamen*).

verpot: klein, onbeduidend, pieperig; Ndl. *verpot*, “vuil”, herk. en versk. v. bet. nie duidelik nie.

verraai: geheim verklap; troueloos handel; Ndl. *verraden* (Mnl. *verraden*) uit *ver-* + *raden*, in bet. “oorlê” (ong. = “verkeerd bedink”), Hd. *verraten*.

+ **verramponeer:** beskadig, verniel, verrinneweer; Ndl. *ver=rampone(e)ren* (Mnl. *ramponeren* uit Ofr. *ramponer*, by Kil *ram=peneren*, nog i. Vl. bek.), vgl. Scho TWK 14, 1, p. 36–7.

verras: onverwags genot/leed verskaf; Ndl. *verrassen* (Mnl. *verras=schen*, vgl. Hd. *überraschen*), d.w.s. te ras (gou) vir iemand wees (vgl. *dis elkeen se gouigheid*).

verrinneweer: beskadig, verniel, by Trig *verrenneweerd*; ook Holl. volkst. en dial. *verrinneweren* (uit *verruïneren*), vgl. Scho TWK/NR 7, 2, p. 33 en v. ook **rinnewasie**.

vers I: digreël; gedig; deel v. gedig; deel v. hfst. uit d. Bybel; Ndl. *vers* (Mnl. *ve(e)rs/vaers*), Hd. *vers*, Fr. *vers* (wu. Eng. *verse*), uit Lat. *versus*, “versreël; gedig”, hou verb. m. Lat. ww. *vertere*, “omdraai, terugkeer” (d.w.s. omdraai aan end v. versreël).

vers II: gew. m. gerekter *e* as in **vers I**; vr. bees wat nog nie gekalf het nie; Ndl. *vaars* (Mnl. *vaerse/ve(e)rse*, dial. vorme m. *a* en *e*, kort en lank), Hd. *färse*, hou verb. m. Eng. (*hei*)*fer*, asook m. Ndl. *var/varing* en Hd. *farre*, “(jong) bul”, verderop m. Lat. *parire*, “voortbring”, en m. Gr. *poris/portis*, “kalf”; by vRieb o.a. mv. *varsen*.

vers III v. kersvers en vars.

verseg v. sê.

+ **versene**: hak, hiel (uit Ndl. Bybelt., Hand. 9:5 *die versene teen d. prikkels slaan*, vgl. Stoe NS); Ndl. *verzenen* (Mnl. *versenen*), Hd. *ferse*, hou verb. m. Lat. *perna*, “heup; agterskinkel”, Gr. *perna*, “hiel”.

versien: min of meer verpligte kontrolering v. bouwerk ’n tyd na voltooiing m. d. oog op mntl. gebreke; aanvanklike, periodieke nasien v. ’n nuwe motor (in Eng. bek. as *service*); blb. nie of nie meer in dié toep. in Ndl. *verzien* nie; by vRieb *versien/verzien* gew. = *voorzien*.

+ **versleg**: (dial. v.) belaster, slegmaak, Scho TWK 14, 4, p. 195 wys op gebr. by Meurant (1861) en in koerant (1889), origins in Afr. *versleg*, soos Ndl. *verslechten*, gew. “agteruitgaan; ontaard; verswak”.

verslons: veragterlik, verwaarloos; Ndl. *verslonzen*, afl. v. *slons* (by Kil s.nw. *sluns*, “liederlike pers.”, en b.nw. *slons/sluns*, “slap”), wsk. verb. m. dial. Hd. *schlunzen*, “met slepende klere loop, slenter”, WFa. *shunts*, “lomp”, verderop mntl. ook verb. m. *slenter*.

versmaai: — (deftiger) *versmaad* — , minag; verag; verwerp; Ndl. *versmaden*, afl. v. *smaad* (Mnl. *smade*/(later) *smaet*), Hd. ww. *schmähen*, “verkleineer”, vroeër bet. blb. “klein” — oor *-ade/-aai* vgl. *skaai*.

versondig: boos maak, ergernis aandoen, vertoorn; vroeër as ’n Afr. ontw. beskou (Bosh VT 297), Scho TWK 14, 4, p. 196 wys op Mnl. *versondigen*, maar erken “aparte betekenisontwikkeling in Afr.”

verspot: belaglik, snaaks; in Afr. tot sk. ontw. m. verswakking v. klem op eerste lid, uit Ndl. *voor spot houden/lopen/zitten*, gew. i. 17e-eeuse Ndl. (o.a. by Bredero) — herk. v. *spot* (Mnl. *spot*), Hd. *spott* onseker.

vervaard: beangs, bevrees, in die war; Ndl. *vervaard* (Mnl. ww. *vervaren/ververen*), hou verb. m. *vervaarlik(heid)* en *gevaar(lik=heid)* — d. vorm *gevaar* sedert Kil uit Hd. *gefahr*, waarvan *fahr* beantw. aan Mnl. *vare/vaer*, Eng. *fear*, “vrees” — verderop verb. m. Lat. *periculum*, “gevaar” (in Eng. ontl. as *peril*).

vervas: bepaald, ongetwyfeld, sekerlik; by Boniface *vervast*, uit Ndl. *voor vast*, v. Frank TB 190 en 203 No. 10, asook **ver-** III.

vervlaks: (kragw.) vervloek(s); Ndl. *vervloekt*, Hd. *verflixt*, Fri. *forflikt/forflokt*, OFri. ww. *verflöken*, WFa. *verflauken* en *fläk*, “foutief, verkeerd” — met ausl. -s (byw. of nie) soos in *verbrands*, *verduikers*, *verduiwels*, *vermoers*, ens., wsk. dial. Ndl. v. herk. of kontamv.

verwaardig v. verwerdig.

verweel: doeb. v. *fluweel* (wat beantw. aan Eng. wd. *velvet*); *verweel*, soms ook *ferweel* geskryf, beantw. aan Eng. stof *corduroy*; Ndl. *fluweel* (Mnl. *fluweel/velueel*), via Ofr. *veluel* uit Lat. *villus*, “wol-lige haar”, hou verb. m. Eng. *velvet* en Fr. *velours*; *fer-/verweel* ook dial. Ndl. o.a. by Boek ZV 216, v. Bosh VT 146.

verweeltjie: pln. (*Sparaxis tricolor*, fam. *Iridaceae*), vlgs. Mar s.v. *fluweeltje* 29 en 133 word dié naam in Holland toeg. op *Tagetes erecta*, fam. *Compositae*, by Mar ook *Afrikanen* (133), v. **afrikaner II**.

verwelf v. verwulf, wolwe-ent-dak.

verwerdig: — (deftig) *verwaardig* —, refl. *jou — om*, neerbuigend tegemoetkom; Ndl. (ook nie-refl.) *verwaardigen* (Mnl. *verwaerdigen/verwerdigen*), oor vok. vgl. *aard(e)/erd(e)*, *waarde/werd*.

verwittig: bekend stel, meedeel; Ndl. *verwittigen* (in SNdl. soos in Afr. ook sonder voors., in NNdl. gew. m. voors. *van*), sedert 16e eeu, by Kil naas *verwetighen* as “*vetus*. Holl.” opgegee, afl. v. Mnl. *wittich*, “kundig, verstandig” (vgl. Hd. *witzig*, Eng. *witty* wat aansl. by Hd. *witz* en Eng. *wit*), hou verb. m. *gewete*, *wet*, *wettig*, *wetlik*, ens., waarvan *gewete* na d. vb. v. Hd. *gewissen* wat op sy beurt eint. ’n vert. was v. Lat. *conscientia* (Eng. *conscience*), eint. “medewete”; by vRieb *verwittight worden van*; v. ook **wis II**.

verwulf: — (minder gew.) *verwelf* —, boog-/koepelvormige bouwerk (bv. by plafon); Ndl. *verwelf-/verwulf(sel)*, (Mnl. *verwelf(t)(e)/verwulf(t)*, eers 16e eeu *verwelfsel*), hou verb. m. Ndl. ww. *welven*, Hd. *wölben* en m. Gr. *kolpos*, “boesem, holte, vou”, v. ook **wolwe-ent-dak**.

vesel: harige draad (grondstof v. weefsel); rafel; spiertjie; Ndl. *vezel* (sedert Kil, afl. v. Mnl. *vese*), vgl. Hd. *fase(n)*, v. ook **vasel**.

veselperske v. mango.

vesiester v. wister.

vet: s.nw. en b.nw., olierige organiese stof; goed gevoed/gevoer; geil, vrugbaar; Ndl. *vet* (Mnl. *vet*), Hd. *fett*, Eng. *fat*, hou wsk. verb. m. Lat. *pinguis*, “vet”, vgl. **pikkewyn**; verbg.: *so waar as vet* wsk. ’n Angme. (Eng. *as sure as fate*).

veter: skoenband/-riempie; Ndl. *veter* (Mnl. *vēter*, “boei, ketting”) hou wsk. verb. m. **vat II**.

veterbossie: pln. (*Crassula lycopodioides*, fam. *Crassulaceae*), ook bek. as *ketting*, *skilpadkos* en *slangbossie* (Mar 86, 108), misk. dui ben. *ketting* en *veter-* op groeiwyse.

vetkers v. waterkers I.

vetkousie: pln. (*Mesembrianthemum pomeridianum*, fam. *Aizoaceae*), ben. dui wsk. op feit dat dit 'n vetplant van 'n bep. vorm is (Mar 86, 105).

veto: s.nw. en ww., afkeuring, verbod; afkeur, verbied; in 'n mate intern. wd., gaan terug op Lat. *veto*, "ek verbied", 'n wd. deur d. Romeinse volkstribune gebr. om maatreëls v. d. Senaat te verbied; as s.nw. in Eng. gedok. 1629 en as ww. 1706.

vetvretertjie: ook bek. as *spekvretertjie*, bep. voëls. (*Cercomela familiaris*), vlg. IVa 'n soort **kapokvoëltjie** (q.v.), v. Scho PD 62.

veul v. veel I.

viaduk: oorbrugging (bv. vir verkeer en waterleiding); Ndl. *viaduct*, min of meer intern. vorming uit Lat. *via*, "weg", en *ductus*, "leiding" (uit verl. dw. v. ww. *ducere*, "lei"), blb. gevorm na d. vb. v. Lat. *aquaeductus*, "waterleiding".

vief: geestig, lewendig, opgewek; rats; Ndl. (na Kil) *vief* via Fr. *vif/vive* uit Lat. *vīvus*, "lewendig" (ww. *vivere*, "lewe"), hou verb. m. Eng. *vivacious*, *vivacity*.

vier I: s.nw. en telw., bep. getal; Ndl. *vier* (Mnl. *vier/viere*), Hd. *vier*, Eng. *four*, Got. *fidūr-/fidwōr-*, hou verb. m. Lat. *quattuor*, Gr. *tessares/tettares*, "vier"; met ongedift. *i(e)* voor *r*, vgl. *vyf* uit ouer *fif*.

vier II: feestelik deurbring, vereer; Ndl. *vieren* (Mnl. *vieren*), Hd. *feiern*, hou verb. m. Eng. *fair*, "kermis", Hd. *ferien*, "vakansie", verderop m. Ll. *fēria*, "fees-/rusdag", en ww. *feriare*, "vier", asook m. Lat. *fēriāri*, "'n vry dag hê"; in bet. "skietgee" (bv. v. tou) mntl. dies. wd., maar misk. beïnv. d. OFri. *fīr* (Fri. *fier*), "ver" (d.w.s. "verder laat gaan").

vierendeel: in vier dele verdeel; Ndl. *vierendelen* (Mnl. *vierendelen*, uit *in vieren delen*) beantw. aan ouer *quartieren*, Eng. *(to) quarter*.

vieruurtjies: gew. mv., bloms. (*Mirabilis jalapa*), reeds by Thun (II 295 as *Vieruurs bloem*, *Mirabilis dichotoma*); gesien dat dié naam en dgl. ben. ook in dial. Ndl. (o.a. in Vl. as *vierure(n)bloem* en *zevenure(n)bloem*) voorkom (Heuk en Verc Tijds, vgl. Bosh VT 280) en in Ndl. as *vieruurtje* (WNT XXI 314 en 324), asook

dat dit reeds teen d. mid. v. d. 18e eeu in Eng. as *four o'clock flower* bek. was (Scho PD 42), hoef dié naam nie 'n vert. uit Port. te wees nie, al was d. Port. ben. (*foela quater horas*) vroeër mntl. aan d. Kaap bek. (Frank TB 134).

vies: boos, kwaad, vererg; naar; kom in bet. ooreen m. SNdl. *vies*, "sleg geluimd", en in 'n mate m. NNdl. *vies van*, "as onrein/ met walging beskou" (vgl. Afr. *vieslik*, "slordig, smerig, vuil"), maar origens in Ndl. gew. "onsmaaklik, vuil", v. onseker herk., m. dial. *ie*, nog nie in Mnl. nie en by Kil in ander bet.

vies(i)evasie v. wies(i)ewasie.

viets: deftig, netjies, piekfyn, swierig; blb. nie in Ndl. nie, mntl. 'n doeb. v. Ndl. *vies* in bet. "kieskeurig", of misk. 'n neol. kon-tamv. v. *vies*, *vief* en *fiks* — sou dit verb. kan hou m. Fr. (Je m'en) *fiche* (pas mal), "ek het die land daaraan" (d.w.s. "stel my kieskeurig daarbo")?

vilt: — *velt* —, deureengewerkte wolvesels (veral v. hoede); Ndl. *vilt* (Mnl. *vilt(e)/velt*), Hd. *filz*, Eng. *felt*, wsk. eerder verb. m. Lat. *pellere*, "klop, slaan, stamp", as m. Lat. *pilus*, Gr. *pilos*, "haar", of m. Lat. *pileum/pileus/pilleus*, "vilthoed, mus".

vin v. vinnig.

vinger: voorlit v. d. hand; Ndl. *vinger* (Mnl. *vingher*), Hd. *finger*, Eng. *finger*, Got. *figgrs*, hou wsk. verb. m. Lat. *quinque* (uit ouer *penque*), Gr. *pente/pempe*, "vyf", en indien wel, dan ook m. Ndl. *vijf*, Afr. *vyf*, Hd. *fünf*, Eng. *five*.

vingerhoed: — *vingergoed* —, doppie v. metaal of plastiek wat by hekel- of naaldwerk ter beskerming op vingerpunt gesit word; Ndl. *vingerhoed*, ss. v. *vinger* en *hoed*, v. Kloe HGA 212.

vingerhoedpol: — *vingergoedpol/vingerpol* —, pln. (*spp. Euphorbia*, fam. *Euphorbiaceae*), v. Mar 86, 114–5 en Scho PD 89, ben. n.a.v. voorkoms.

vingertrek: kinderspel waarby 'n speler sy gebuigde vinger (gew. middelvinger) by dié v. sy opponent inhaak en probeer om dit oop te trek; blb. nie in Ndl. bek. nie — geen ooreenkoms m. vingerspele by Dro en by dCo-Tei nie.

vink: versk. voëls., oor soorte v. Malh DFdT V II 228; Scho PD 12 verkl. dat "by ons die vinke oor die algemeen veel groter voëls is (as) wat in die familie *Ploceidae* ondergebring word", terwyl d. Eur. vinke lede is v. d. onderfam. *Fringillinae* (t.a.p. 11), fam. *Fringillidae*; Ndl. *vink* (Mnl. *vinke*), Hd. *finke*, Eng. *finch*, misk. verb. m. Gr. *spiggos*, "vink", en Lat. *pingere*, "skilder"; in Ndl. volkst. is *vink* alg. ben. vir kleinerige voëls.

vinkeiers: gew. mv., pln. (*Albuca major* en *A. minor*, fam. *Liliaceae*), vlgs. Mar 86, 137 n.a.v. vorm v. blomme; het d. kleur nie ook 'n rol gespeel nie? Ander volksn. is *geldbeursie* (v. WAT), *slym=stok/-uintjie*, *tamaraka*.

vinkel: pln. (d. gekweekte is blb. *Foeniculum officinale*, die wilde *F. vulgare*, fam. *Umbelliferae*); Ndl. *venkel* (Mnl. *vēnekel/vinkel*), Hd. *fenchel*, Eng. *fennel*, dial. Eng. *finkle* (uit Ofr. *fenoil*, Fr. *fenouil*), gaan almal terug op Lat. *f(o)eniculum*, wat misk. verb. hou m. Lat. *fēnum*, "hooi", v. Mar 27, 86 en 121 s.v. *fennel*, *venkel/vinkel*.

vinkelwortel: pln. (*Carum capense*, fam. *Umbelliferae*), reeds by Thun FC 262 en by IVa II 75 (v. Scho PD 66), Mar s.v. *venkel=wortel* 86, 121, ben. n.a.v. ooreenkoms v. blare en geur.

vinnig: gou, haastig, snel; Ndl. *vinnig* (Mnl. *vinnich*, "kwaadaardig, nydig", ook by Kil o.a. in dgl. bet., bv. "*vehemens*"), in SNdl. dial. ook in Afr. bet., hou wsk. verb. m. *vin* in ou bet. v. "stekelrige ding"; vgl. Scho TWK/NR 7, 2, p. 33 m. aanh. uit Wik en verwysing na Antw.

viool v. tjellis/tjello.

viooltjie: versk. plante (vlgs. Mar 86, 138 *Ornithogalum thyrsoides*, fam. *Liliaceae*, ook bek. as *tjenkerientjee* (q.v.); *Lachenalia rubida* van dies. fam., ook bek. as *bergnaels*, *rooinaels* en *sand=kalossie*, asook *L. aurea* en *L. orchioides*, ondersk. bek. as *geel=naels* en *groenviooltjie*).

vir v. ver- III.

visenteer: ondersoek (bv. huissoeking instel); met epent. *-n-* uit Ndl. *visite(e)ren* (so in Mnl. en by Kil), "besoek", bet. tans ook soms soos in Afr., via Fr. *visiter* uit Lat. *visitare*, "besoek"; by vRieb *visiteren* soos in Afr.

visier I: klep v. outydse strydhelm; agterkorrel v. geweer of geskut; Ndl. *vizier* (Mnl. *visier(e)* en dial. ww.) uit Fr. *visière*, afl. v. Lat. *vīsus*, "(ge)sig" (ww. *vidēre*, "sien").

visier II: minister v. 'n sultan; Ndl. (na Kil) en Eng. (16e eeu) *vizier*, Hd. *wesir*, Fr., Port. en Sp. *vizir*, wsk. cerder uit Arab. *wazīr*, "minister, regent" (afl. v. ww. *wazara*, "las dra") as uit Tur. *vezir*, "geregsdienaar".

visterman: hengelaar; min of meer opsetlik en skertsend gevormde neol. m. epent. *-t-* (vgl. *waster* naas *wasser*) om 'n hengelaar van 'n *visser/visserman* te ondersk. Se. ken ook *visterman* (Ghijs 1074), dog dit kon nouliks van daar in Afr. gekom het.

vitriol: — (soms) *vitterjoel* (vgl. *swetrioel/swetterjoel*) — , “swael=suur”; Ndl. *vitriool* (Mnl. *vitriool*, by Kil *vitriol*, dial. Ndl. ook *vitriol*), soos Eng. *vitriol*, via Fr. *vitriol* uit Ll. *vitriolum* uit Lat. *vitreolus*, “van glas” (afl. v. Lat. *vitrum*, “glas”), ben. n.a.v. voorkoms en kleur.

vla: vloeibare nagereg v. eiers, meel en melk; Ndl. *vla/vlade* (Mnl. *vlāde*), Hd. *fladen*, “vla; plat koek, pannekoek”, hou verb. m. Lat. *planta*, “voetsool”, en m. Gr. *platus*, “breed; plat”, en m. Gr. *pláthanon*, “plaat waarop koek gebak word”, asook m. Ndl./Afr. *vlak*.

vlakbok v. vlaktebok.

+ **vlakdoring:** misk. redukv. v. *vlaktedoring*, vlgs. Scho PD 90 dies. as *platdoring* en as *sieketroos* (*Arctopus echinatus*, fam. *Umbelliferae*), v. Mar 67, 91 en 121; d. plant is geneesk. gebr., ook bek. as *pokkiesdoring*.

vlakhaas v. vlaktehaas.

vlakte: plat, uitgestrekte stuk grond; Ndl. *vlakte* (wel Mnl., maar nie by Kil nie), afl. op *-te* v. *vlak* (Mnl. *vlak*), Hd. *flach* (vgl. ook *vla*), vlgs. Scho TWK 14, 1, p. 37 is Afr. (1872) *op d. vlakte bring* (“aan d. lig bring”) blb. ouer as Ndl. *op de vlakte komen*, wat mntl. eers uit die 20e eeu stam; by vRieb (mv.) *vlakstens*.

vlaktebok: — *vlakbok* — , blb. ook bek. as *vlaktesteenbok* (*Rhaphiceros campestris*, fam. *Bovidae*), vgl. Scho PD 51.

vlaktedoring v. vlakdoring.

vlaktehaas: — *vlakhaas* — , ben. v. d. *Lepus capensis*, fam. *Leporidae*, vgl. Scho PD 81.

vlaktemuis: ben. v. d. *Otomys brantsi*, fam. *Muridae*, vgl. Scho PD 81.

vlaktesteenbok v. vlaktebok.

vlakvark: ben. v. d. *Phacochoerus aethiopicus* en *P. africanus*, fam. *Suidae*.

vlees v. vleis.

vleet: veral i. verbg.: *by die* — , menigte; Ndl. *vleet* (Mnl. *vlete*), OFri. en Fri. in sekondêre bet. “menigte”, hou misk. verb. m. ’n later bet. v. Eng. *fleet* en m. Ndl./Afr. *vloot*, maar dVri J EW soek verb. via Ndl. *vlet*, “platboomskuit”, m. Ndl. *vlak*, dog onseker in albei gevalle.

vlei I v. vallei.

vlei II: na d. mond praat, flikflooi; mooier voorstel as d. werklikheid; Ndl. *vleien* (Mnl. *vleien*, “smeek”), Hd. *flehen*, “bid, smeek”, herk. onseker.

vleiaandblom: pln. (*Gladiolus tristis*, fam. *Iridaceae*), ben. n.a.v. groeiplek en oopgaan v. blom, ook bek. as *ribbokblom* vlgs. Mar 69, 86 en 141.

vleibloemetjie: pln. (*Dipidax ciliata*, fam. *Liliaceae*), ook bek. as *hanekammertjie* vlgs. Mar 86, 138.

vleigronde: grond langs 'n vlei (soms moerassig), bek. sedert begin 19e eeu, v. Scho TWK/NR 7, 2, p. 34.

vleipypie: pln. (*Gladiolus hastatus*, fam. *Iridaceae*), Mar 141

vleis: — *vlees* (meestal fig., in idiom. uitdr., Bybelt., ens.) — , spierweefsel v. mens en dier; Ndl. *vlees(ch)*, dial. *vleis(ch)*, ondersk. veral SNdl. en NNdl. (Mnl. *vlees(c)/vleis(c)*), Hd. *fleisch*, Eng. *flesh*, mntl. verb. m. Eng. *fitch*, o.a. “stuk spek”, en *flay*, “vel afslag”, en Afr. *vlek*, “vis oopsny”, vgl. Kloe HGA 204, 293; by vRieb dikw. *vleys*.

vleitee: pln. (*Cyclopia tenuifolia*, fam. *Papilionatae*), blb. ook bek. as *bossiestee*, vgl. Mar 17, 81, 86 en 111.

vlek I: ww., oopsny (veral vis); blb. nie meer i. Ndl. gebr. nie, maar vdSch het *vlecken* o.a. ook in bet. “kloof, splyt” (vgl. ook WMnl. IX 606), ook by vRieb *vlecken* en *gevect(en)*, vgl. Kloe HGA 307, asook by Trig *vlekken* (1Ro T DLT 266); v. ook *vleis*.

vlek II: ww., 'n kol/merk op iets kry/maak; besoedel; Ndl. *vlekken* (Mnl. *vlecken*), Hd. *flecken* v. **vlek III**.

vlek III: s.nw., vuil kol/merk (v. kleurstof, olie, vet, ens.) op 'n voorwerp; uitslag (bv. op gesig); (fig.) smet; Ndl. *vlek* (Mnl. *vlecke*), Hd. *fleck(en)*, hou verb. m. Hd. ww. *flicken*, “lap”, en m. **vlek II**.

vlek IV: s.nw., (boekw. v.) dorpie, reeds in Mhd. in bet. “dorp”, blb. bep. toep. v. **vlek III**.

vlerk: vleuel; Ndl. *vlerk* (Lmnl. *vlerc*, ouer *vlēderic*), WFa. *vlerk*, “stofveër v. gansveer”, hoof. Germ., herk. hoërop onseker; v. ook *vlermuis*, *vleuel*, *vlieg II*.

vlermuis: gevleuelde nagdiertjie m. hare v. 'n muis (lid v. d. Orde *Chiroptera*); Ndl. *vleder-/vleermuis* (Mnl. *vlēdermuus*), Hd. *fleder=maus*, Eng. (neol.) *fluttermouse*, hou verb. m. *vlerk* (uit ouer *vlēderic*), v. **vlerk**.

vleuel: sykant; vlerk; Ndl. *vleugel* (Mnl. *vloghel/vleughel*), dial. Ndl. *vleugel*, Hd. *flügel*, hou verb. m. **veer** I en **vlerk**, asook m. **vlic(g)** II, **vlerk**, **vlug**.

vlie v. **vlieg** II.

vlieëbos: pln. 1. (*Roridula dentata*, fam. *Roridulaceae*), takkies word in huis opgehang om vlieë te vang, by Mar 87, 108 s.v. *vliegebos*, by Scho PD s.v. *vlieëbos* op p. 67; pln. 2. (*Myrsine africana*, fam. *Myrsinaceae*), reuk skrik vlieë af, by Mar 87 as *vliebos*, 123 as *vliegebos*, ook bek. as *mirting*, nie by Scho PD nie, misk. later gedok.

vlieër: — *vlieënier* — , vliegtuigbestuurder; *vlieër* (sonder ww.), kinderspeelding; (fig.) “uitlokpoging” in verbg.: *daardie — gaan nie op nie* (Scho TWK 14, 1, p. 37 bevraagteken of dit nog bestaan).

vlieërs: gew. mv., pln. (blb. *Tritonia scillaris* of *undulata* of *albei?*, fam. *Iridaceae*, v. Mar 87, 142 s.v. *vliegers*), uit Eng. ben. “little kites” af te lei dat ben. n.a.v. voorkoms gegee is?

vlieëvangertjie: pln. (*Drosera cistiflora*, fam. *Droseraceae*), ben. blb. n.a.v. plant se kleefstof wat insekte soos vlieë vang, ook bek. as *dou-*, *gly-*, *slak-* en *snotblom*, v. Mar 79, 87 en 119 (vgl. ook 22, 32 en 75), nie by Scho PD nie, misk. later gedok.

vlieg I: s.nw. gevleuelde insek (lid v. d. Orde *Diptera*); Ndl. *vlieg* (Mnl. *vlieghe*, “muggie; vlieg”), Hd. *fliege*, Eng. *fly*, hou verb. m. **vlieg** II.

vlieg II: — *vlie* — , ww., met behulp v. vlerke beweeg; ’n vliegtuig bestuur of daarmee vervoer word; vinnig beweeg; Ndl. *vliegen* (Mnl. *vlieghe*), Hd. *fliegen*, Eng. *fly*, wsk. verb. m. *vleuel* en *vlug*, hoof. Germ. en verb. m. Idg. onseker.

vlooi: parasitiese insek (*Pulex irritans*, fam. *Pulicidae*), uit die mv. (vgl. *koei*) geabstr. v. Ndl. *vlo(o)*, mv. *vlooiën* (Mnl. *vlō*), Hd. *floh*, Eng. *flea*, hou wsk. verb. m. Ndl./Afr. *vlied(en)* en Eng. *flee*, en ondanks besware mntl. tog ook m. Lat. *pūlex* en Gr. *psúlla/psúllos*, “vlooi”.

vlooitjie v. **vlootjie**.

vloot: aantal skepe/vliegtuie; seemag/lugmag; Ndl. *vloot* (Mnl. *vloot/vlōte*, by Kil *vlote*), vgl. Hd. *flosse* en *flotte*, Eng. *float* en *fleet*, hou verb. m. Ndl./Afr. *vliet(en)*, “op water dryf”, en *vlot*, “houttoestel wat op water dryf”; v. ook **vleet**, asook **vlootjie**.

vlootjie: — (volkset. soms ook) *vlooitjie* — , vlakkerige bakkie/ vaatjie (by druiweparsery, vgl. vWiel o.a. 88); Ndl. *vloot(je)*, ss. *botervlootje*, dim. v. **vloot** (q.v.) in bet. “skuitjie” — weens nuwe tegnieke wsk. aan die veroud. in Afr.

vlug v. **vlieg** II.

vlym: besonder skerp mes, lanset; Ndl. *vlijm* (Mnl. *vlīme/vlieme*), Hd. *fliete*, Eng. *fleam* (uit Fr. *flamme*) via Ofr. *flieme* uit Lat. *phlebotomus* (Gr. *phleps*, gen. *phlebos*, “bloedaar”, + *-tomos* by ww. *temnein*, “sny”), ong. “snydoktersmes”.

vod: ou lap, prul, rommel, waardelose ding; Ndl. *vod* (nog nie in Mnl. nie, wel as *vodde* by Kil), herk. onseker; daar word gedink aan verb. m. Ndl. *vadzig*, “lui”, en misk. m. *vot* in *hondsvot*, “veragtelike persoon”; v. ook **voet** II.

voël: — *vol-* (alleen in ss. *volstruis*) — , eierlêende, geveerde, ge- vleuelde, gewerwede dier (*spp. Avis*); eufem. ook v. “*penis*”; Ndl. *vogel* (Mnl. *vōghel*), Hd. *vogel*, Eng. *fowl*, Got. *fugls*, hou verb. m. Ndl./Afr. ww. *vlieg(en)*, maar dit en ook ander verw. word in twyfel getrek; v. ook Kloe HGA 92, 99.

voëlent: parasitiese plant (deur voëls op bome oorgedra), by Wik *voogelente* (*Viscum capense* en *V. rotundifolium*, fam. *Loranthaceae*), ook bek. as *voëlstront* (nou veroud.); Ndl. *vogellijm* (*Viscum album*, fam. *Loranthaceae*) — die Ndl. ben. hou verb. m. “klewerige stof” uit d. plant, d. Afr. ben. m. die feit dat voëls dié plant op bome “oorent”, vlgs. Web dui d. Eng. ben. *mistletoe* blb. ook daarop dat voëls d. plant in hulle mis oordra; vgl. Mar 58, 87 en 103 s.v. *vogelent*, Scho PD 69 en Frank TB 155.

voëlvry: buitekant d. beskerming v. d. wet; Ndl. *vogelvrij* (nog nie by Kil nie), Hd. *vogelfrei* (1538) uit Lmhd. *vogelvri*, wsk. ewe min deur d. wet beskerm as voëls en vreemdelinge op iemand se eie land, hoewel Stoe NS ook ander mntl. verkl. noem.

voer I: s.nw. en ww., kos/voedsel v. diere; diere kos/voedsel gee; Ndl. *voe(de)r* en *voe(de)ren* (Mnl. *voeder* en *voederen*), Hd. *futter* en *futtern/füttern*, Eng. (alleen s.nw.) *fodder*, hou verb. m. Ndl./Afr. *voed(en)* en *voedsel*, Eng. *food* en *feed*, verb. veronderstel m. Lat. *pabulum*, “kos”, *panis* (wu. Fr. *pain*), “brood”, en *pasco*, “ek eet”, Gr. *pateomai*, “et/vreet”.

voer II: ww., bestuur, lei, (oorlog) maak; vervoer; Ndl. *voeren* (Mnl. *voeren*), Hd. *führen*, hou verb. m. Mnl. *voere*, “gedrag, lewenswyse”, kous. by Ndl. *varen*, Hd. *fahren*, Eng. *fare*, Afr. *vaar*, “gaan, reis”.

voer III: ww., v. binne bekleë (m. voering); Ndl. *voeren* (Mnl. *voederen*), Hd. *füttern*, afl. v. Mnl. *voeder*, Hd. *futter*, vgl. Got. *fodr*, almal ong. “koker, omhulsel, skede, voering”, hou verb. m. **voering** en **voersis** (q.v.).

voering: belegselsel, binnebedekking v. 'n kledingstuk; Ndl. *voering*, afl. m. suf. *-ing* v. **voer III**.

voeringvel: bekleding m. vel, sedert end 18e eeu (Duminy), in 19e eeu meermale, v. Scho TWK/NR 7, 2, p. 34 m. verwysing na Ndl. *voeringleder*.

voersis: — (soms) *voersies* — , geweeftde katoenstof m. patrone daarop, end 18e eeu (Duminy) as *voursisse*, by Trig *voersits* (Scho TWK/NR 7, 2, p. 34 en 1Ro T DLT 266), vgl. Ndl. *voer=katoen/-laken/-leder/-linnen*, maar nie *voersits* nie — in Afr. sk. v. **voer III** en **sis** (q.v.).

voert v. voor II.

voertsek: — *voertsik* — , gaan weg, gee pad, loop, seijy, trap (veral teenoor 'n hond), by Mans KHI *fortsek*; daar skyn min twyfel te bestaan dat eerste lid beantw. aan dial. Ndl. *voert* (vgl. *foert* in SOVL. by Tei en in Se. by Ghijs, asook *furt* by tDK) naas Ndl. *voort* (uit **voor II**); by tweede lid wel meningsverskille oor herk. v. *-sek/-sik* (v. Frank TE 37), aanneemlikste verkl. wsk. tog dat *voertsek* 'n sametr. is v. dial. *voert* en 17e-eeuse *sek* (uit *seg ik/ek*), soos reeds by Bosh VT 138.

voet I: lengtemaat; liggaamsdeel; versreëldeel; verhouding; Ndl. *voet* (Mnl. *voet*), Hd. *fuss*, Eng. *foot*, Got. *fotus*, hou verb. m. Lat. *pēs* (gen. *pedis*), Gr. *pous* (gen. *podos*), “voet”, ook Skt. *paddh*, “voet”.

voet II: mntl. v. dies. herk. as **voet I**, maar kan misk. ook verb. hou m. **vod** en/of m. **vot** in **hondsvot** (q.v.), dog van oudsher ook gebr. in bet. “*cunnius, vulva*” (van vrou), later ook “*penis*” (van man) en ten slotte alg. as “skaamdele”, vgl. o.a. Lex 304 *vut*, Grimm s.v. *fut(te)/fotte/fotze*, tans in Hd. ook *die fud*, “*vulva*”. Jes. 7:20 *voete* hou mntl. verb. daarmee, asook die afjak: *jou voet*, vgl. verder dWit 257–8.

voetangel: toestel v. yster m. skerp punte wat so gebuig is dat een altyd regop staan om voortgang v. vyand te belemmer; (fig.) verborge moeilikhede; Ndl. *voetangel*; ook pln. (*Euphorbia ferox*, fam. *Euphorbiaceae*), ben. n.a.v. kussingvormige gewas m. skerp dorings, v. Mar 87, 115.

voetbal: bal en spel t.o.v. sowel **rugby** as **sokker** (ondersk. m. eier-vormige en ronde bal) gebr.; soos Ndl. *voetbal*, leenv. uit Eng. *football*, maar nie soos i. Ndl. as ww. nie, daarvoor i. Afr. alleen *voetbal speel*.

voetvinger v. toon I.

volk I: groep mense m. gemeenskaplike tradisies en saamhorigheids= besef, nasie; Ndl. *volk* (Mnl. *volc*), Hd. *volk*, Eng. *folk*, herk. hoërop onseker.

volk II: by sommige sprekers m. gerekte vok., “nie-blanke bedien= des”, vgl. Frank TB 198 en 206 No. 75 en 1Ro T DLT 267, by Trig blb. ook in bet. “manskappe”; in Ndl. o.a. “mense”, in Gron. “dienspersoneel” (tLa NGW), vgl. ook Eng. *folk*, origins v. dies. herk. as **volk** I.

+ **volmink**: verouderde spelv. v. *folmink*, v. *flamink*.

volstruis: bep. groot soort voël (*Struthio camelus*, fam. *Struthionidae*), weens klem op tweede letg. redukv. *vol* uit *voël* (q.v.) en Ndl./Afr. *struis* (Mnl. *struus*), Hd. *strauss*, soos It. *struzzo*, uit Lat. *strūthio*, uit Gr. *strouthiōn/strouthion/strouthos megalē/stroutho-kamēlos*; Ndl. tans gew. *struisvogel*, maar *vogelstruis* reeds Mnl. en in 17e eeu *struisvogel/vogelstruis*; Eng. *ostrich* en Fr. *autruche* gaan terug op veronderstelde Lat. *avi-struthio*, “voël= struis”; by v. Rieb *Vogelstruis* as naam v. ’n skip, meermale *vogel= struisen* en in Brill se teks: *een vol struys ey* (I 281), betrokke ged. nie d. Van der Merwe opgeneem nie, in teks v. Bosm-Thom (I 180) *een volstruysen*, v. ook Kloe HGA 317

volstruisdoring: pln. (*Tribulus terrestris*, fam. *Zygophyllaceae*), ook bek. as *duwweltjiesdoring* en *môrester*, Mar 87, 113.

volstruisgras: pln. (*Eragrostis spinosa*, fam. *Gramineae*), Mar 37, 87 en 135, ben. wsk. n.a.v. sprw. dat ’n volstruismaag alles kan verteer.

vomeer: — (volkset.) *vermeer* —, braak; Ndl. *vome(e)ren*, soos Eng. *vomit*, via Fr. *vomir* uit Lat. *vomere*, “braak” — d. Ndl. en d. Fr. *vorme* uit Lat. *vomere*, terwyl d. Eng. *vorm* wsk. uit d. frekw. v. *vomere*, nl. *vomitare*, stam; v. ook **vermeer** en **vermeerbossie**.

vonnis: oordeel, regspraak, straf; Ndl. *vonnis* (Mnl. *vonnis(se)* uit ouer *vontnisse/vondenisse*, so ook Mhd. *vuntnisse/vintnisse*), hou verb. m. **vonds**, “wat gevind word”, en m. Ndl./Afr. *vind(en)*, vgl. Eng. *finding*.

voog: behartiger v. minderjariges se belange; Ndl. *voogd* (Mnl. *vōghet/voocht*, “beskermer”), Hd. *vogt*, via ’n Rom. vorm ontl. aan Lat. *vocātus* in bet. “*advocātus*”, hou dus verb. m. *advokaat*.

voor I: s.nw., sloot(jie); Ndl. *voor/vore* (Mnl. *vōre/veure/dial. vurg*), Hd. *furche*, Eng. *furrow*, hou wsk. verb. m. Lat. *porca*, “walletjie tussen twee vore”.

voor II: voors., bw. en voegw.; Ndl. *voor* (Mnl. *vōre/veure/vo(o)r*), Hd. *vor* naas *für*, Eng. *for* (vgl. **ver-** I, II en III), hiernaas Ndl./Afr. rekv. m. ausl. *-t*, nl. *voort* naas *vort*, “weg” (vgl. Eng. *for* — *forth*) en hierby dial. *voert*, v. ook **voertsek**.

voorbrand: ’n strook gras onder beheer laat brand om ’n moontlike of werklike veldbrand se verspreiding te voorkom; (fig.) voorsorgsmaatreeëls tref; vertraagde ontbranding t.g.v. vuil in sundgat v. voorlaaier, so by Trig (1Ro T DI.T 203 en 267, tans veroud.); blb. in geeneen v. hierdie toep. in Ndl. bek. nie.

voorkaros: skortjie v. vel en/of riempies d. Hott. gedra; Scho TWK/NR 7, 2, p. 34 gee aanh. uit Wik en Bur, v. **karos** I.

voorkoms: — *voorkomste/(selde) voorkome* — , gebeur; uiterlik; in Ndl. blb. net *voorkomen* i. genoemde toep.; vgl. ook Kem WFA 279.

voorland: 1. land wat i. d. see uitsteek; 2. bestemming, lot; Ndl. *voorland* in albei bet., d. tweede reeds 17e eeu (Malh DF AS 349).

voorlyf: voorste deel v. lyf (veral v. diere), so by Wik (Scho TWK/NR 7, 2, p. 34); in Ndl. blb. ruimer toeg., bv. ook t.o.v. vrouekledingstuk.

vooros: os wat voor in span trek, so by Men (Scho TWK/NR 7, 2, p. 34); blb. nie in Ndl. bek. nie.

voorsit: 1. te ete aanbied; Ndl. *voorzetten*; 2. by ’n vergadering presideer; Ndl. *voorzitten*; 3. inwag, voorlê (bv. wild), so by Trig (Scho TWK/NR 7, 2, p. 34); blb. nie in Ndl. bek. nie.

voorskamel: voorste skamel v. ’n wa, v. **skamel** I (Scho TWK/NR 7, 2, p. 34); blb. veroud. in Ndl., maar *schamel* nog bek. en gebr., vgl. ook Scho TWK/NR 7, 1, p. 25 i.s. *agterskamel*.

voorslag: 1. voorstel; 2. dun riempie aan voerpunt v. sweep; in Ndl. *voor-* en *achterslag*, soos by bet. 2., blb. minder goed bek., simp. *slag* in dié verb. wel bek. (Scho TWK/NR 7, 1, p. 25 m. aanh. uit Men en blote vermelding in NR 7, 2, p. 34).

voorspan: nog in Afr. gebr. i.v.m. ’n uitgeruste span osse wat voor=aan by flou osse gehaak word om ’n wa by ’n moeilike plek deur te haal (Scho TWK/NR 7, 2, p. 35 gee aanh. uit end 18e en begin 19e eeu); in Ndl. die voorste v. meer as een span perde voor ’n rytuig.

voorsten v. **agtersten** en **sten** I.

voort v. voor II.

voortang: Scho TWK/NR 7, 2, p. 35 gee vb. uit 1663 en verwys na Trig (v. ook 1Ro T DLT 267), en vgl. **agtertang**.

voortou: riem waarmee 'n touleier van 'n span osse hulle lei; in d. verbg.: *die voortou neem*, (alg. v.) “die leiding t.o.v. iets neem”; Ndl. *voortouw*, “'n tou vooraan 'n skip”, ens.; Scho TWK/NR 7, 2, p. 35 gee 'n aanh. uit Bur in ongew. bet. “kort trektou v. voorspan”.

voorwaarde: bedinging, kondisie, voorgestelde eis; Ndl. *voorwaarde*, waarin twee wd. blb. deurengeloop het, nl. OMnl. *voorwarde* (vgl. Oeng. *foreward/foreward*, “ooreenkoms”, wat verb. hou m. Mnl. *waerde*, “bewaking, wag”, Ohd. *warta* (Hd. *warte*), “uitkyk, wag”, Oeng. *weard* (Eng. *ward*), “beskerming, wag”, en andersyds Mnl. *voorwoort/voorworde*, Oeng. *foreword*, “afspraak, voorwaar=de”; anal. en kontam. het blb. 'n belangrike rol gespeel.

vorentoe: na vore, vooruit, voorwaarts; (fig.) gaaf, goed, lekker; uitstekend; Scho TWK 14, 1, p. 37 gee aanh. uit 1867 in lg. bet.; uit Ndl. *voor + aan + toe?*

vors I: in sk. *kikvors*, “padda”; Ndl. *vors(ch)* (Mnl. *vorsc*), Hd. *frosch*, Oeng. *forsc*, On *froskr*, verb. m. Eng. *frog* (Oeng. *frogga*, Meng. *froke* naas *früde/frode*) nog duister en meningsverskille oor mntl. assos. met ouer wd. in bet. “spring” of in bet. “skuim” (vgl. Eng. *froth*), v. FvWvH en dVri J NEW.

vors II: ww., ondersoek, vra; Ndl. *vors(ch)en* (nog nie by Kil nie), wsk. uit Mhd. *vorschen* (Hd. *forschen*) en verb. m. Lat. *poscere*, “eis”.

vors III: s.nw., koning, regeerder; Ndl. *vorst* (Mnl. *vorste*), Hd. *fürst*, eint. sup. v. **voor II**, vgl. Eng. *first*, en wsk. as vert. v. Lat. *princeps*, “eerste, hoof, leier, prins”, deur Hd. verbrei.

vors IV: s.nw., nok v. dak; Ndl. *vorst* (Mnl. *vorst(e)/verste*), Hd. *first*, eint. 'n ou vorming uit **ver-** III en *staan* (vgl. **nes I**), ong. “iets wat vooraan staan”.

vors V: s.nw., lae frekw., “koue”; Ndl. *vorst* (Mnl. *vorst*), Hd. en Eng. *frost*, hou verb. m. Ndl. *vriezen*, Afr. *vries*, Hd. *frieren*, Eng. *freeze*.

vort v. voort en voor II.

vra: — (selde) *vraag* —, ww., nooi; verneem; versoek; Ndl. *vragen* (Mnl. *vrāghen*), Hd. *fragen*; hierby s.nw. Ndl./Afr. *vraag* (Mnl. *vrāghe*), Hd. *frage*, hou verb. m. **vors II** en m. *verg*, asook m. Lat. *precor*, “ek smeek”, en m. *poscere*, “eis”.

vraat: gulsigaard; Ndl. *vraat* (Mnl. *vraet*), Hd. alleen in ss. *vielfrass*, hou verb. m. **aas, eet, tand, vreet** (q.v.) en m. hulle verw. (waar dié bestaan) in Ndl., Hd., Eng. en Idg., ens.

vrank: doeb. v. *wrang*, “suurderig”; Ndl. *wrang* (Mnl. *wranc*), Eng. *wrong* (uit Skand., vgl. On. *rangr*, “verkeerd”), hou verb. m. *wring*, “draai; druk” — oor Ndl./Afr. *wr/vr* vgl. **vratjie, vroetel, vrywe**, en oor ausl. *ng/nk* vgl. *jong/jonk* en *lang/lank*; v. ook **wrong, wrongel**.

vratjie: gew. dim., eeltagtige uitgroeiisel aan mens, dier en plant; Ndl. *wrat* (Mnl. o.a. *wratte/warte*, ook dial. ww. m. metat. en *a, e* en *o*), Hd. *warze*, Eng. *wart*, hou verb. m. Lat. *verrūca*, “vratjie; bult, knop”, Gr. (*h*)*érma*, “klip” — oor *wr/vr* v. **vrank**.

vrees: s.nw. en ww., angs, skrik; eerbied, ontsag; (as ww.) beangs wees, ens.; Ndl. *vrees/vre(e)ze* (Mnl. *vrēse*); hierby ww. Ndl. *vre(e)zen* (Mnl. *vrēsen*), herk. hoërop onseker.

vreet: gulsig/oormatig eet (v. mense gesê); v. d. eet v. diere gesê; Ndl. *vreten* (Mnl. *vrēten*), Hd. *fressen*, Eng. *fret*, eint. “invreet” (v. ergernis), afl. m. *ver-* v. *eet* — oor verw. v. **vraat**.

vrek I: s.nw., gierigaard; Ndl. *vrek* (reeds in Mnl. subst. v. b.nw. *vrec*, “begerig, gierig, sleg, wreed”), Hd. *frech*, “brutaal; ver=metel”, Got. *friks*, “begerig”; herk. hoërop onseker.

vrek II: ww., verwensing (t.o.v. mense); doodgaan (v. diere); Ndl. *verrekken*, (plat v.) “sterf”, so o.a. by Bog 477, by Scho TWK/NR 7, 2, p. 35 m. aanh. uit tweede helfte 18e eeu, ook by Duminy (Frank TB 172) en by Trig (1Ro T DLT 267), Hd. *verreken*; hierby afl. *vrekte* en bw. *vrek*, bv. in verbg. *vrek ver*, “baie ver”; v. Kem WFA 450 en 458 oor *vreksel* en *vrekte*.

vreug: — *vreugde* — , blydschap, geluk, plesier; Ndl. *vreugde* (Mnl. *vroechde/vreuchde* naas *vroude*, misk. uit Mnl. (*ver*)*vroghen* uit (*ver*)*vroien*/*(ver)vrouwen*), hou verb. m. **vrolik** (q.v.) en misk. ook m. **vroeg** ondanks fonet. besware (v. FvWvH en dVri J NEW).

vriend: — *vriend* — , toegeneë pers.; liefhebber; Ndl. *vriend/vriend* (Mnl. *vriend/vrient*, dial. *vrunt*, by vRieb nog dikw. *vrunt(schapp)*), Hd. *freund*, Eng. *friend*, Got. *frijonds* (eint. teenw. dw. v. Got. *frijon*, “bemin, liefhê”), ander sulke vorming is o.a. *heiland, vyand*.

vries: so koud word dat ryp of ys ontstaan; Ndl. *vriezen* (Mnl. *vriesen*), Hd. *frieren*, Eng. *freeze*, hou verb. m. Lat. *pruina*, “ryp”, en m. **vors** V.

vrind v. vriend.

vroedvrouw: vrou wat verloskunde beoefen, sg. "ouvro"; Ndl. *vroedvrouw* (Mnl. *vroet-wijf/-wijf*, en *vroede vrouwe* as vert. v. Fr. *sage-femme*, "wyse vrou"); Ndl. *vroed* (Mnl. *vroet*, Oeng. *fröd*, Got. *frōths*, "verstandig, wys"), kom ook nog voor in *bevroed*, "begryp, verstaan; vermoed".

vroeg: — (in redupy.) *vroe-vroe* —, voor/met/ kort na sonsopgang; Ndl. *vroeg* (Mnl. *vroech/vrouch/vroe*, by Kil *vroegh*), Hd. *früh* (vgl. *frühling*, "lente"), hou verb. m. Gr. *prōi*, "vroeg i. d. môre", hierby afl. *vroegte* en sk. *vroë-/vroeg-/vroepampoen* en redupy. *vroe-vroe*.

+ **vroegkos:** oggendete, by vRieb *vroeghcost* en *vrouch cost*, v. **vroegstuk**.

+ **vroegstuk:** soos *môrestuk* nog in huidige eeu in gebr., maar geleidelik verdring d. *brekfst* (uit Eng.), Afr. *ag(t)uur* en *môre-/oggendete* en ten slotte d. *ontbyt* (uit Ndl.), direk of indirek (vgl. vRieb se *vroeghcost*) uit Hd. *frühstück*, v. ook **aandstuk**, asook 1Ro T DLT 267 oor *vroegstuk* by Trig e.a.; *morgenstuk* reeds by Duminy (Frank TB 172).

vroetel: omwoel; Ndl. *wroetelen*, tans blb. veroud., maar vlgs. dJa WFN I 931-3 in 17e eeu nog dikw. gebr. as frekw. v. *wroeten* naas *vroetelen* (soos by Kil); Ndl. *wroeten* (Mnl. *wroeten*, by vRieb *vroeten*, dial. *vruten*), oor *wr/vr* v. **vränk**; herk. hoërop onseker.

vroe-vroe v. vroeg.

vrolik: bly, opgeruimd, plesierig; gesellig; Ndl. *vro(o)lijk* (Mnl. *vrōlijc*), Hd. *fröhlich*, hou verb. m. Mnl. b.nw. *vrō*, Hd. *froh*, Mnl. ww. *vroien/vrouwen*, Hd. *freuen*, Mnl. s.nw. *vroude*, Hd. *freude*, Eng. s.nw., b.nw. en ww. *frolic* en misk. ook m. *vreug(de)* en *vroeg*; herk. verderop onseker.

vrof: b.nw. en ww., — (meer fig.) *verrot* —, bederf, ontbind, vergaan; Ndl. *verrot* (b.nw.), *verrotten* (ww.), dial. Ndl. *vrof* (vWee 152, Versch KNB 7) uit *ver-* + *rot(ten)*, vgl. Eng. *rot*, *rotten*; Afr. afl. *vrotsig(heid)*; herk. v. Ndl. *rot*, *rotten* en Eng. *rot*, *rotten* onseker, misk. Skand.

vrou: dame; eggenote; Ndl. *vrouw* (Mnl. *vrouwe*), Hd. *frau*, vgl. Oeng. *freä*, "heer; man", hoewel verw. fonet. en sem. besware oplewer.

vrouebossie: pln. (*Geranium incanum*, fam. *Geraniaceae*), ook bek. as *bergtee*, Mar 10, 87 en 112; motivering v. ben. *vrouebossie* nie duidelik nie; *bergtee* dui wsk. op gebr. v. blare as tee, by Watt-BB ook *tee* en *mennetjie rabassa*.

vrouehaar: pln. (*Cassytha ciliolata*, fam. *Lauraceae*), ook bek. as *nôienshaar*; 'n afkooksel v. dié parasitiese plant is gebr. om haar= groei te bevorder, Mar 61, 87 en 107, en Scho PD 40-1 wat meen dat. d. naam oorgeërf kan wees, maar d. plante wat bv. by Heuk (5, 22, 31, 81 en 86) *vrouwenhaar* heet, is nouliks verw. en het hulle naam om ander redes gekry.

vrug I: opbrings v. d. aarde/arbeid; uitslag; voordeel, wins; Ndl. *vrucht* (Mnl. *vrucht/vrocht*), Hd. *frucht*, ontl. aan Lat. *fructus* (wu. Ndl. en Eng. *fruit* via Ofr. *fruit*), hou blb. verb. m. Lat. *fruere*, "geniet".

vrug II v. godsvrug.

vrywe: skuur; Ndl. *wrijven* (Mnl. *wrīven*, dial. Ndl. *vriven/vrijven*), Hd. *reiben*, hou verb. m. *wrywing*, maar verb. m. Eng. *rub* onseker — oor *wr/vr* v. **vrnk**.

vuil: morsig, nie-skoon, onrein; Ndl. *vuil* (Mnl. *vuul*), Hd. *faul*, Eng. *foul*, Got. *fuls*, "(v)rot", hou wsk. verb. m. *voos* en verderop m. Lat. *putēre*, "(ver)rot" (vgl. Fr. *puer*, "stink", en Eng. *putrid*, "stinkend, vrot"), asook m. Gr. *puōn*, "etter" (vgl. Eng. *pus*) en Gr. *puthesthai*, "(ver)rot".

vuilis: 1. alles wat nie skoon is nie, koll. vuilgoed (by vRieb *vuyles baly*); 2. gemene/veragtelike mens (vgl. Ndl. *vuilik* — nie in Afr. nie) naas *vullis* (mntl. uit *vuilnis*, v. Kem WFA 433) in bet. 1., asook *vuilnis* (geringe frekw.), soos Ndl. *vuilnis*; v. verder **vuil**.

vuilsiekte: veneriese siekte, by Trig *vuijle siekte* (sowel in teks v. Prel DLT 52 as v. 1R0 DLT 21; *vuijle* by Scho TWK/NR 7, 2, p. 35 sal wel 'n drukfout wees).

+ **vuilvleis:** "rou vleis om wond", word nog soms gehoor v. wat gew. *wildvleis* (Eng. *proud flesh*) genoem word ter ondersk. teenoor *wildsvleis* (Eng. *venison*); v. **wildvleis**; Ndl. *wild vlees(ch)*, Hd. *wildes/faules fleisch*.

vuis: gebalde hand; Ndl. *vuist* (Mnl. *vuust*), Hd. *faust*, Eng. *fist*, hou misk. verb. m. Lat. *pugnis*, "vuis" (ww. *pugnare*, "veg"), Gr. *pux*, "met d. vuis", en m. Ndl. *vechten*, Afr. *veg*; idiom. uitdr.: *vuis i. d. sak maak*, "lydelike verset aanteken sonder openlike handeling", is ook i. Hd. bek. (Scho TWK 14, 1, p. 37).

vuisdik: — *vuistedik* — , idiom. uitdr.: *dit sit — agter die/sy ore.* “hy is uitgeslape, hy weet sy weetjie”; Hd. *er hat es faustdick hinter den ohren* (Seil DS 240), blb. nie i. Ndl. bek. nie — hoe en wanneer het Afr. daaraan gekom?

vul I: s.nw. en ww. (lg. i. Afr. na d. s.nw. gevorm, soos ook *kalf* en *lam*), jong perd; lewe gee aan 'n vul; Ndl. *veulen* (Mnl. *volen/veulen*, met suf. *-en* uit ouer *-ina*, naas *vōle/vool*, dial. Ndl. *vul(le)*, v. Kloe HGA 92), Hd. *fohlen/füllen*, Eng. *foal* en *filly*, hou verb. m. Lat. *puer*, “seun”, *puella*, “meisie” en *pullus*, “jong dier” (vgl. Eng. *pullet*) en m. Gr. *pais*, “knaap, seun”, en Gr. *pōlos*, “dogter; seun; vul”, hierby ww. Ndl. *veulenen*, Hd. *fohlen*; v. ook Scho TWK/NR 7, 2, p. 35 en 1Ro T DLT 268.

vul II: ww., vol maak; Ndl. *vullen* (Mnl. *vullen* naas *vollen*), Hd. *füllen*, Eng. *fill*, hou verb. m. Ndl./Afr. *vol*, Hd. *voll*, Eng. *full* en m. Lat. *plenus*, “vol”, en *plēre*, “vul”.

vullis v. **vuilis**.

vulva: opening v. uitwendige vr. geslagsorgane; Ndl. *vulva*, feitlik intern.; Lat. *volva/vulva*, o.a. “skede; bedekking; baarmoeder”; v. ook **voet II**.

vurk: s.nw. en ww., tafel- en tuingereedschapstuk; skeiding v. paaie; (as ww.) skei (bv. v. paaie); Ndl. *vork* (Mnl. *vorke*, dial. ook *vrke*), Eng. *fork*, ontl. aan Lat. *furca*, “gaffel, tweetandvurk”, vlg. dVri J EW het Lat. mntl. net sem. invl. gehad, v. verder Kloe HGA 123–4.

vuur: brand(ing); skietery m. vuurwapens; graansiekte; (fig.) gees=drif; Ndl. *vuur*, dial. *vier* (Mnl. *vuur/vier*), Hd. *feuer*, Eng. *fire*, hou verb. m. Gr. *pur*, “vuur”, maar verb. m. Lat. *pūrus*, “rein”, staan nie vas nie.

vuurerd: — *vuurherd* — , vuurmaakplek; Ndl. *vuurhaard*, ss. v. *vuur* en Ndl. *haard*, Afr. *herd/erd* (q.v.).

vuurhoutjie I: swaeltjie, v. **swael II**, **swaelhoutjie/-stokkie**.

vuurhoutjie II: die blomknop v. *Loranthus oleifolius*, fam. *Loranthaceae*, Mar 87, 103 as **vuurhoutjes** (mv.).

vuurklip: klip vroeër by tonteldoos gebr.; Ndl. *vuursteen*.

vuurlelie v. **puruutjie**.

vuurmaakplek: 1. plek waar vuur gemaak word; 2. (fig. in verbg.) “bo jou —”, “bo jou vermoë/verstand”.

vuurpyl I: pyl wat m. plofstof afgeskiet word; projektiel.

vuurpyl II: pln. (*spp. Kniphofia*, fam. *Liliaceae*), ben. n.a.v. voorkoms, Mar 69, 87 en 138.

vuurslag: staalring by tonteldoos gebr. om vonke uit vuurklip te slaan, by Trig (IRo T DLT 268); Ndl. *vuurslag*.

vy: — *vyg* — , vrug- en pln. (*spp. Ficus*, fam. *Moraceae*), wilde soorte in S.A. (soms dim. *vygie*, soms in sk. soos *Hottentotsvyg*) gew. *spp. Mesembrianthemum*, fam. *Aizoaceae*; Ndl. *vijg* (Mnl. *vighe*), Hd. *feige*, Eng. *fig*, Fr. *figue*, It. *figa*, ontin. aan Lat. *ficus*; v. verder Scho PD 75.

vyand: bevegter, teenstander (as enkeling of krygsmag); Ndl. *vijand* (Mnl. *viant*), Hd. *feind*, Eng. *fiend*, eint. teenw. dw. v. ww. soos Got. *fijan*, “haat” (vgl. *heiland*, *vriend*), verb. m. Lat. *pejor*, “slegter”, en ander Idg. vorme onseker.

vyebossie/vyg(ie) v. **vy** en Scho PD 75.

vyf: s.nw. en telw., bep. getal; uit ouer (bv. Ohd.) *finf* naas (Os. en Oeng.) *fif*, met gedift. *i(e)*, vlg. verder *vinger* en *vier* I.

vysel: metaalhouer waarin iets fyn gestamp word; Ndl. *vijzel* (Mnl. *vīsel*), hou wsk. verb. m. Lat. *pinsere*, “stamp” — ’n vysel is nie ’n stamper nie, maar iets waarin gestamp word, dog Eng. *mortar* lewer dgl. vrae op; by d. kompo. *stampblok* (ook ben. v. iets waarin gestamp word) is die posisie anders as by d. simp. met of sonder suf. *-er*; v. ook **opvysel**.

W

wa: mv. *waens*, dim. *waentjie*, kompo. soos *waenhuis*, *wapad*, *kruywa*, bep. soort voertuig (veral dié deur diere getrek, maar ook *kruywa*, deur mense gestoot); (nou ook) *spoorwegwa*; *sleepwa*, ens.; Ndl. *wagen* (Mnl. *wāghen*), Hd. *wagen*, Eng. *wag(g)on*/(dial. *wain* (vgl. *wainscot*, wsk. uit Ndl.), hou verb. m. *weg* en *weeg*, Eng. *way* en s.nw. *weigh*, asook m. Lat. *vehere* en Gr. *oxein*, “dra”; hierby o.a. ook **waag II**, **waggel**, **wieg**.

waard: deur ondiep water loop; Ndl. *waden* (Mnl. *wāden*), Hd. *waten*, Eng. *wade*, hou verb. m. Lat. *vadāre*, “voortgaan”, *vadum*, “drif” (uit Germ. kom It. *guadare*, Fr. *guéer*, “waard”).

waag I: ww., aan kans/onsekerheid blootstel; Ndl. *wagen* (Mnl. *wāghen*), v. verder **waag II**.